WATER UIT DIE ROTS

Dankie, broer. Goeienaand, vriende. So bly om weer vanaand hierbuite in die Shriner Ouditorium te wees, vir ons vyfde aand van dienste, in die Naam van ons Dierbare Here Jesus Christus, aan Wie alle lof en eer toekom, vir ewig en altyd, wêrelde sonder einde.

2 Gisteraand was dit net vir my 'n bietjie moeilik gewees. Iets het gebeur wat baie selde met my gebeur in 'n diens. Ek net gereed gemaak om te maak die . . . die visioene sien breek oor die mense, en soos ek in die visioen begin inbeweeg het, het iets voor my gebeur. Ons het daaroor gepraat tot, na ek goed tot myself gekom het, tot omtrent eenuur vanmôre.

3 Ek het Adam die tuin van Eden opsetlik sien verlaat as gevolg van . . . hy het uitgegaan omdat hy sy vrou liefgehad het. Ek het Jesus opsetlik sien uitgaan, die sondaar se plek inneem, omdat Hy die Kerk liefgehad het. Ek kon net nie keer om dit te sê nie. En ons het gehoor dat die Here geseën, en gevul het met die Heilige Gees, en die verlorenes gered het. Dis, per slot van sake, die hoofsaak waarvoor ons hier is.

4 Goddelike genesing is wonderlik, maar Goddelike genesing is soos die aas aan die hoek. Jy wys nie die hoek vir die vis nie; jy wys vir hom die aas. Hy die aas vat, het hy die hoek ook. As 'n man ooit genees kan word en die krag van God sien, wat dit aan hom doen, dan sal hy 'n gelowige word. Dis reg.

5 Nou, ons is bly om hier te wees vanaand . . . net 'n bietjie laat. En moes 'n operasie doen op my vriend, Broer Tracy hier. Ek het hom bly sê daardie spring-kaktus gaan hom kry. En so hy het dit net skaars geglo. So naderhand, het ek hom gekry met 'n klomp kaktus vasgehaak agter aan sy bene. Ek het nie 'n tang of enigiets daar gehad nie. Ons was op 'n staptoggie in die woestyn om op te gaan om die lofprysinge van God te sing bo-op die Berg van Bygeloof, as ons daar kon uitkom. Dit was sy ambisie. So omtrent halfpad op, het die kaktus hom gekry. En toe moes ons hom opereer om dit uit te kry.

6 Hy het 'n bietjie gekerm en geknor, maar ons het dit alles uitgekry. So hulle het dit nie in Texas nie, julle weet, en hierdie is nuut. Hy gaan sy agter-kleinkinders daarvan vertel, julle weet, dat hy by Berg van Bygeloof was.

7 So ons het laat weer afgekom. En as ek al ooit 'n moeilike aand gehad het, is dit vanaand. Weer afgekom, en toe . . . Gedink ek sal dan vroeg in die kamer ingaan en begin vas, bid. Ons het nie geëet nie, so ons het besluit om dit te doen. En in die kamer, toe ek—toe ek ingegaan het om—om te begin bid, het ek my Bybel opgetel en ek het baie moeg gevoel. Ek het net in 'n stoel gaan

sit. Toe hulle teruggekom het van die middagdiens af, het hulle my wakker gemaak. Ek het aan die slaap geraak.

8 En toe het die dame van die huis gesê: "Kom eet 'n toebroodjie." Ek hoop ek sal nooit 'n volle middagete êrens moet eet nie; biefstuk omtrent *so* groot met alles wat daarmee saamgaan.

9 En toe het ek gesê: "Broer Tracy, doen julle die prediking vanaand, want ek voel beslis soort van ongekwalifiseerd. Dis net deur genade benader vanaand; dat die Here op 'n manier sal seën en ons van Sy seëninge sal gee."

10 Ons wil graag vanaand weer julle aandag vestig, as God wil, in die Ou Testament net vir 'n paar opmerkings. Miskien sal ons volgende week oorgaan in die Nuwe Testament, maar net vir 'n klein lessie. Terloops, hierdie is alles nuut vir my. Preek en die altaar-oproep maak voor ek begin bid vir die siekes, en, ek bedoel, 'n bietjie te onderrig.

11 En nou, voor ons die Woord kan oopmaak. . . Ons kan die buiteblaaie oopmaak soos *hierdie,* maar dit verg God om dit oop te maak. Die Heilige Gees neem die Woord van God en kry dit net reguit uit in elke hart, net soos ons dit nodig het, as ons onsself kan oorgee aan die Heilige Gees, tot waar die prediker nie sal probeer om sy eie gedagtes te gebruik nie, net die Heilige Gees sal laat beweeg. En laat die gemeente nie probeer kritiseer nie, maar net met 'n oop hart sit, en eerlik voor God. Dan sal ons 'n ware diens hê, sal ons nie? So sal ons ons hoofde buig terwyl ons met die Skrywer van hierdie Boek praat wat ons nou gereedmaak om te lees?

12 O geliefde God, ons kom baie nederig na U toe, Vader, in die Naam van die Here Jesus, om eers te vra, om ons te vergewe van ons sondes en foute. En ons is so bly om te weet dat ons 'n Hoëpriester het wat in die Heerlikheid sit, Wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. In die geloof, dat Hy die skanse van die Heerlikheid uitgeklim het, en ver bo elke Engel, Aartsengel sit, ver bo die maan, sterre, en son. En Hy hoor die gebed van elkeen wat nederig sal kom vra. Hierdie groot telefoonverbinding wat ons, as't ware het, die gehoorstuk optel, die sentrale, Christus Jesus, bel om te vra om verbind te word met die Ewigheid.

13 Kom, Here Jesus. Stuur U Engele vanaand, en mag hulle hulle posisies inneem by elke sitplek, met die ongereddes praat, hulle wat sonder Christus is, wat gaan na 'n Goddelose, Christuslose Ewigheid, na 'n duiwel se hel, wanneer Jesus Christus gesterf het om hulle daarvan te red. Help vanaand, en mag die Heilige Gees net in die Woord ingaan, Dit uitneem na elke hart en Dit daarbuite veelvuldig verdeel soos ons behoefte het.

14 Vader, mag ons onsself verneder in U Teenwoordigheid. Mag die Heilige Gees nou 'n houvas op elke hart kry. Ontvang eer uit die diens, want ons vra dit in Sy Naam. Amen.

15 In die 20ste hoofstuk van Numeri, lees ons net vir 'n kort teks:

> *En die Here het met Moses gespreek en gesê,*
>
> *Neem die staf, en laat die vergadering byeenkom, jy, en jou broer Aäron, . . . spreek julle die rots aan voor hulle oë; en dan sal hy sy water* bring, *so moet jy dan vir hulle water uit die rots laat vloei: so* dat . . . hulle *vergadering en hulle vee laat drink . . .*
>
> *Toe neem Moses die staf voor die aangesig van die Here weg, soos Hy beveel het . . .*
>
> *En Moses en Aäron het die vergadering voor die rots laat byeenkom, en hy het vir hulle gesê, Hoor . . . julle wederstrewiges; moet ons vir julle water uit hierdie rots laat vloei?*
>
> *Daarop tel Moses sy hand op . . . hy slaan* die *rots* drie maal, *twee maal met die staf: en daar het baie* waters *uitgekom, sodat die vergadering gedrink het en hulle vee ook.*

Mag die Here Sy Seëninge voeg by die lees van Sy Woord.

16 Dit was een ding wat Moses gedoen het wat baie teenstrydig was met God se Woord. Dis hoekom ons moet dophou, Christenmense. Dis hoekom my dienste . . . baie van hulle sê: "Broer Branham, Broer Roberts sal vir vyfhonderd mense bid terwyl jy vir vyf bid." Dis waar. Maar Broer Roberts doen wat God vir hom sê om te doen. Ek doen wat God vir my sê om te doen. Julle sien? So dis die verskil. Broer Roberts het die een soort bediening van die Here, en ek het 'n ander soort bediening van die Here. En ons albei, as God se diensknegte, moet doen wat God vir ons sê om te doen.

17 My bediening is nie om elkeen persoonlik te kontak nie. Dis om die—die volle versekering voort te bring van die opstanding van die Here Jesus, en vir hulle te sê: "Kyk en leef." Dis—dis reg. Dis vir ieder en elk. Net soos Moses opgelig het . . .

18 Nou sien, Broer Roberts s'n is die gawe van genesing. Hy bid en lê hande op die siekes, soos *daardie*. En het 'n regte, oorheersende, harde, soos ons dit noem, bulhond geloof, staan net daarbo met sy oë toe en glo dat—dat hy doen . . . dat God dit sal doen as hy vra, en lê net sy hande op die mense soos hulle verbygaan. Dis goed. Dis wat die Bybel gesê het om te doen: "Lê hande op die siekes en hulle sal gesond word."

19 Ek kan dit nie doen nie. Net sodra ek 'n persoon kry, daar begin dit breek. Ek kan nie die persoon laat gaan, behalwe as iemand hom deur die ry druk nie. En daar kom die visioen. In

die eerste plek, voor ek ooit . . . niemand het my ooit hoor skuldig wees daaraan om ooit 'n bose gees te probeer uitdryf, voor ek nie eers geweet het wat ek doen nie.

20 Baiekeer, kom mense wat in die dienste was, ensovoorts, wat nie genees is nie, na die huis toe. Hulle wonder hoekom. Dan wanneer hulle inkom, dan is daar dalk 'n verborgenheid in die verlede in hulle lewe wat hulle nie gedoen het nie of moes gedoen het. En miskien het hulle vergeet daarvan. Miskien is dit die einste oorsaak dat die broer wat sy hande op hulle lê, of hulle salf met olie by hulle kerk, wat dit ook al was, hulle nie genees is nie.

21 Luister vriende, jy moet die oorsaak vind voor jy die geneesmiddel kan vind. Absoluut. As jy na 'n dokter toe gegaan het, gesê het: "Dokter, ek het 'n hoofpyn, net 'n konstante hoofpyn."

Hy sê: "Wel, neem hierdie," en gee vir jou 'n aspiriene. Hy's nie 'n dokter nie. Hy probeer van jou ontslae raak.

22 Nou, die enigste ding wat dit is, daardie dokter, as hy 'n regte dokter is, sal hy daardie geval diagnoseer totdat hy die oorsaak van daardie hoofpyn kry, dan van daar af werk. Nou, as jy vir 'n persoon bid wat nie gesond word nie, dan is daar iets, êrens wat dit veroorsaak, want God is soewerein teenoor Sy Woord. Hy moet by Sy Woord bly.

23 Petrus het op die dag van Pinkster gesê: "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot die vergewing van julle sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." As 'n man bekeer en gedoop word, is Hy absoluut, is God verplig om vir hom die Heilige Gees te gee, as hy uit sy hart uit bekeer het.

24 Hoekom wag, hoekom 'n lang tyd wag? is omdat daar iets *hier* is wat nie reg is nie. Korrek. God moet . . . Jy sê: "Wel miskien wil God dit net nie vir my gee nie."

25 O ja Hy wil. Jy neem elke deeltjie van die . . . Wel, jy sê: "Miskien was die Heilige Gees, net vir soveel." God het baie daarvan vir jou. Moenie bekommerd wees nie. Kan jy jou 'n vissie voorstel, omtrent *so* lank, wat in die middel van die oseaan staan, wat rondswem, sê: "Sê, ek beter spaarsamig van hierdie water drink, want ek gaan eendag nie meer hê nie"? Wel, dis omtrent net soos om te dink God het nie genoeg Heilige Gees vir jou nie. Dis reg.

26 Kan jy jou 'n muisie voorstel, onder die groot skure van Egipte daar, waar hulle volgepak is met 'n biljoene tonne, en 'n muisie daaronder wat sê: "Wel, ek beter nie meer as een of twee korrels per dag eet nie, want ek mag hierdie winter nie meer oorhê nie"? Goeiste, dis soos om te dink God het nie genoeg genade om jou te red, jou te genees nie; en Hy wil dit meer graag vir jou doen as wat jy dit wil ontvang. Dis reg. Hy wil dit beslis doen.

27 Kan jy jou al die water in die wêreld voorstel, ingedruk in 'n regop-pyp, omtrent *so* groot in omtrek? Dit sou duisende en duisende myle in die lug opgaan. En hoe daardie druk van daardie water wat afkom, afdruk, om een gaatjie te probeer kry om uit te kom. Dis hoe die liefde van God en die genesingskrag in hierdie diens probeer instort vanaand, sy bes probeer oral. God wat Sy pad probeer vind in 'n hart in, met al daardie druk van Goddelike liefde, en wil, en—en alles, wat Sy pad probeer indruk in die mense in.

28 As jy net die regte benadering daarvan ken, kan jy reguit opstap en dit net *so* ontvang. [Broer Branham klap sy vingers—Red.] Dis al. Sien? Want as God enigiets belowe het, en jy ontvang dit nie; is daar iets verkeerd.

29 Mense kom partymaal. . . Ek het nie vanaand tyd om in detail hierop in te gaan nie, ek sal miskien volgende week, in getuienis. Maar hoe mense van oral af kom, sê: "Wel, ek het dit nie gekry nie."

30 En 'n dame het gekom nie lank gelede nie, en gesê iemand het vir haar vertel dat sy sewe duiwels het. 'n Ander persoon het vir haar vertel sy het net vyf gehad, en sy wou weet waarheen die vier gegaan het. Arme vrou, heeltemal gedaan, amper, in die kamer gesit, haar kouse uitgetrek, en haar voete in die stoel opgetrek. Gesê: "Ek het vir 'n paar dae nie geëet nie, en ek gaan nie eet tot ek uitvind wat van daardie duiwels geword het nie." Gesê: "Wat is hulle?"

Ek het gesê: "Ek weet nie, ek het nooit niks daarvan geweet nie."

31 Gesê: "Wel, een prediker het vir my gesê ek het sewe duiwels, en die ander vroue-prediker het gesê ek het net vyf. Nou, daar's twee van hulle wat êrens heen gegaan het." Nou sien?

En gekom, omtrent twee ure daar in die huis gebly, tot God begin praat, en gesê het: "Dame, luister. Jy kom van St. Louis."

Sy het gesê: "Ja. Hoe het jy dit geweet?"

Ek het gesê: "Jou man is in die polisiemag."

"Dis reg."

En ek het gesê: "Jy was altyd 'n pragtige huishoudster gewees."

Sy het gesê: "Dis reg."

Ek het gesê: "Deesdae, lyk jou huis soos 'n varkhok."

Gesê: "Dis reg."

Ek het gesê: "Jou dogter is nou daar, om vir jou man te sorg."

Gesê: "Dis reg." Gesê: "Wie het dit vir jou gesê?"

Ek het net aanhou praat, want ek was in 'n visioen. En ek het gesê: "Jy het afgegaan na 'n plekkie toe. Eers, het jy na 'n dokter toe gegaan."

"Ja."

"Hy het vir jou inspuitings gegee."

"Ja."

"Daardie inspuitings is hormone genoem."

"Ja."

Ek het gesê: "Jy het na 'n plek toe gegaan, en hulle het vir jou gesê, jy het duiwels."

"Ja."

"Want jy het 'n baie snaakse gevoel gehad."

"Ja."

"Hulle het jou na Kalifornië toe gestuur."

"Ja."

"En 'n sekere man het vir jou gesê, jy het sewe duiwels."

"Ja."

"Jy het na 'n vrou toe gegaan. Sy het gesê jy het vyf duiwels."

"Ja."

"En hulle het vir jou gesê om na my toe te kom."

"Ja, dis reg." Gesê: "Hoe het jy dit geweet?"

Ek het gesê: "Die Heilige Gees het so gesê." Ek het gesê: "Jy het geen duiwels om mee te begin nie. Dis reg."

Sy het gesê: "Ek het nie?"

32 Ek het gesê: "Nee." Ek het gesê: "Dame, jy weet seker dat jou ma deur die menopouse gegaan het. Dis die menopouse, iets natuurlik." En ek het gesê: "Waarvoor dink jy is hormoon-inspuitings?"

Sy het gesê: "Ek weet nie."

33 Ek het gesê: "Vir die oorgang van die lewe, dis wat dit is. Glad nie enige duiwels nie. Dis net absoluut, dit—dis net jou toestand van die lewe." Sy het begin ontspan.

My vrou het 'n bietjie spek en eiers daarbuite gaargemaak. Sy het deur die huis begin kyk. En ek het gesê: "Bietjie honger?" Sy het eers geweier om te eet.

Gesê: "Ja." Sy het uitgegaan en drie eiers geëet, 'n groot klomp roosterbrood, twee koppies koffie, 'n klomp konfyt. En sy was net gelukkig soos sy kon wees.

Sy het gesê: "Broer Branham, gaan jy vir my bid en dit uitdryf?"

Ek het gesê: "Wat uitdryf?"

Sy het gesê: "Die—die—die ding."

Ek het gesê: "Daar's niks om uit te dryf nie."

Sy: "Wel, ek het nog nooit in my lewe so goed gevoel nie." Gesê: "Wat moet ek doen?"

34 Ek het gesê: "Gaan huis toe. Maak skoon jou huis; bak vir jou man 'n lekker, groot appeltert, omtrent *so* dik. Wanneer hy vanaand inkom, gooi altwee arms om hom, soen hom, gaan sit, en klim op sy skoot, en sê vir hom jy het hom lief, en lewe soos 'n dame moet." Dis presies. Dis al wat daar is.

35 Maar sien, al die uitgooi van olie, al die voete stamp, en skop, al die harde geskree, sal glad nie help nie. Dis die waarheid wat jou vrymaak. Dis waar. "Julle sal die waarheid weet, en die waarheid sal julle vrymaak." Sien, dis reg.

36 So, baiekeer, sekerlik, in 'n groep, sal jy baie mense kry met 'n, wanneer jy drie of vierhonderd mense deur die ry bring, is daar baie, skoon, rein harte daarbinne wat reguit deurkom en genees word. Dis reg. Maar daar's party wat ons moet teruggaan en die struwelings optel, soos daardie, wat dit laat misluk. Nou ons kan net doen soos God sê om te doen.

37 Nou, het julle geweet as 'n man, wat mag gegee is, of, geloof, nie mag nie, nie hyself wat dit doen nie, maar geloof in God om dit te doen, om 'n bose gees uit te dryf, en dit buite God se wil sou doen, homself in die moeilikheid sal laat beland?

38 Kyk na Moses vanaand. Hy was 'n profeet. Glo julle hy was 'n profeet? O, hy was die prins van profete. Dis reg. Was nooit 'n profeet op die aarde soos Moses nie. Natuurlik, was Jesus; Hy was—Hy was Goddelik. Moses was net 'n man. Maar Moses op elke manier, 'n tipe van Christus: geboorte, wet-gewer, hoëpriester, o, alles om . . . net in tipe van Christus. En let op dat God hom krag gegee het, en hy het daar uitgegaan en iets gedoen met daardie krag wat teenstrydig was met God se wil, maar hy het dit in elk geval gedoen.

39 Onthou julle die profeet, die jong kêrel in die Bybel genaamd Elisa? Hy het soort van saam met die regte profeet gegaan, en water op sy hande gegooi. Hy het soort van in die regte geselskap beweeg. En toe Elía dood is, of liewer, opgeneem, weggevoer is, het die gees van Elía op hom gekom.

40 En die kêrel was kaalkop, toe hy jonk was. En hy het in die straat afgegaan, 'n paar kindertjies het hom begin terg, hom "Ou kaalkop" genoem. En toe hy het, het hy omgedraai, in woede; hy het in elk geval soort van maklik kwaad geraak. En hy het omgedraai in sy woede en daardie kinders vervloek in die Naam van die Here. En twee wyfie-bere het twee-en-veertig klein, onskuldige kindertjies doodgemaak. Nou, dis nie die geaardheid van die Heilige Gees nie, maar dis 'n kwaai profeet. Sien?

41 Ek het gehoor party van julle het soort van . . . julle gees het soort van teruggedeins toe ek gesê het hy het 'n humeur gehad. Hy het. Kyk na hom toe Josafat en hulle soontoe gekom het. Hy het sy regverdige verontwaardiging laat opkom. Hy het gesê: "As dit nie was dat ek die teenwoordigheid van Josafat gerespekteer het nie, sou ek nie eers na julle gekyk het nie." Moes 'n bietjie musiek speel, hom weer terug te kry in die Gees. Is dit reg? Was beslis.

42 So Moses, hierdie groot krygsman in die tyd nou, wat God vir Abraham belowe het, dat Hy in hierdie groot lankmoedigheid, eendag, sou . . . Die volk vir vierhonderd jaar in 'n vreemde land sou bly. En gedurende hierdie tyd . . . Onthou, daar was 'n verloop van tyd. Luister 'n bietjie baie aandagtig. Daar was 'n verloop van tyd. Dit was nie presies vierhonderd jaar nie; dit was vierhonderd-en-twintig jaar. As gevolg van, die—die toestand van die mense. Moses het op die regte tyd gekom om die mense uit te bring, maar hulle het die boodskapper verwerp. So dit het nog veertig jaar geneem, 'n verloop van tyd, wat dit oor die vierhonderd-en-twintig jaar laat aangaan het.

43 Dit was dieselfde ding in die wêreld voor die sondvloed. Die tyd was alreeds daar op hande, maar deur die lankmoedigheid: "God wat nie gewillig was dat enige sou vergaan nie, maar dat almal tot bekering sou kom." Sien die verloop van tyd in die verwoesting voor die sondvloed? Sien die verloop van tyd in die verlossing van die kinders van Israel? So ek wil hê julle moet dit nou goed begryp, luister.

44 Nou, verstaan my woorde duidelik. Moenie sê: "Broer Branham het gesê: 'Jesus moes al gekom het,'" nie. Maar ek glo dat die Koms van Christus al lank agterstallig is, baie lank agterstallig. Dis waar al die teoloë en alles wat geweet het dit moet binne 'n sekere tyd wees . . . Ek dink, wel, dis waar die profete kon sit, sê: "Dit sal een of ander tyd in daardie tydsbestek wees." En hulle het dit gemis, as gevolg van die lankmoedigheid van God, nie gewillig dat John Doe, wat vanaand hier sit, sou verlore gaan nie, maar wou hê dat hy tot bekering sou kom. Nie gewillig dat Mev. Doe, wat hier sit, en al die kindertjies, dat hulle sou verlore gaan nie, maar lankmoedig.

45 Hy het vir Broer Roberts ingestuur, 'n groot diens gegee. Hy stuur die ander manne in, gee 'n groot diens. Nou, stuur hy ons in, God gee ons 'n groot diens. "Nie gewillig dat enigiemand sou verlore gaan nie, lankmoedig."

46 Die bom wat waarskynlik elke atoom in die aarde sal bars, hang vanaand oorkant in Rusland; moes al 'n lang tyd gelede afgevuur gewees het, maar God is lankmoedig, nie gewillig dat enigiemand moet verlore gaan nie: agterstallig.

47 God het hulle belowe dat Hy hulle met 'n magtige hand sou uitbring. En al daardie dinge daar van die pelgrimstog, van die kinders van Israel wat onder in Egipte uitgekamp het . . .

Ons ken die storie hoe God hulle soontoe gestuur het, en hulle hulle woonplekke gehad het, in Goosen ingegaan het, en ’n groot gewilde geword het, deur die profeet, Josef. En toe, namate die tyd van die belofte nadergekom het, het daar ’n Farao opgestaan wat nie vir Josef geken het nie.

Ons gaan een kry wat gaan opstaan, een van hierdie dae, wat nie vir Josef ken nie.

48 Naderhand, het die tyd nadergekom, God het ’n verlosser na hulle toe gestuur. Ek dink die grootste fout wat Israel ooit gemaak het, was die 19de hoofstuk van Eksodus, waar nadat genade reeds ’n verlosser voorsien het, alreeds ’n lam voorsien het, alreeds verlossing voorsien het, en toe het hulle gesê: “Laat ons iets doen.” Sien?

Hulle het nie. . . hulle wil iets doen. Die mens soek altyd na een of ander manier om homself te red. Net hier is dit. Dis sy geaardheid.

49 In die tuin van Eden, het die mens, sodra hy uitgevind het hy was verlore, het hy vir homself ’n vye-blaar voorskoot gemaak, en dit vir hom aangetrek. Sien julle waarom ek dink Eva was so mooi? Sien? Sien hoekom ek hierdie dinge dink, hierdie trant. . . Dis vanaand nogsteeds die trant van die mens. Selfs na vierduisend, ja, amper sesduisend jaar, probeer die mens steeds sy eie sondes met sy eie verdienste bedek.

50 Hy sal ophou vleis eet, hy sal allerhande dae gedenk, en—en, o, hy sal—hy sal homself afbreek. Hy sal alles doen wat hy kan om homself te red, wanneer dit so eenvoudig is dat selfs ’n dwaas dit kan vind. Dis reg. Die Bybel het so gesê.

51 Net eenvoudig: “Deur genade is julle gered deur geloof.” Hy sal dit geheimsinnig probeer maak, en allerhande soorte ligte moet sien, en geluide moet hoor, en alles, en allerhande soort geheimsinnige dinge om mense gered te laat word. Miskien het iemand dit gesien, maar dit beteken nie alle mense moet dit sien nie. Glo jy dit net. Dis wat dit is. En God het Sy program, en Hy sal jou sit en jou in Christus plaas, net waar Hy dink jy die beste vir Hom sal werk, as jy net in jou roeping sal bly.

52 Moenie iemand anders se roeping probeer kry nie. Bly in jou eie roeping. As jy ’n huisvrou is, bly ’n huisvrou. Wat ook al God jou geroep het om te doen, bly net daar. Hy weet waar om Sy hand op jou te sit en jou te gebruik.

53 Hy het ’n ou klein vroutjie met die naam van Hanna gehad, eenkeer, huisvroutjie. Hy het geweet waar om haar te plaas, wat Hy met haar sou doen. Hy het een met die naam van Maria gehad, eenkeer. O, goeiste, Hy sal net met jou doen wat Hy ook al wil, as jy Hom dit net sal laat doen. Wees net nederig, gee jouself oor aan Hom, en stap aan.

54 Nou, toe die tyd vir die belofte nadergekom het, wel toe, het God vir Moses afgestuur. . . Ek gaan probeer ophou binne omtrent vyftien minute, as ek kan, so ek wil. . . wil nie hê, te veel tyd neem nie, want ek sal begin preek, dan sal ek nie die gebedsry hê nie. Ek wil vanaand vir die siekes bid.

55 Billy het so pas daarbuite vir my gesê, 'n paar minute gelede, gesê: "Pappa, ek het vandag 'n hele groep gebedskaartjies uitgedeel, vanmiddag oral." So ek wil, probeer bid vir soveel as wat ek kan. So kyk.

56 Toe, toe die tyd nadergekom het, het God vir Moses opgerig om die werk te doen wat God hom verordineer het om te doen. En Moses het afgegaan na Egipte, en die kinders met 'n magtige hand uit slawerny uitgebring. Hulle na die Skelfsee toe gebring en oorgegaan op hulle reis na die beloofde land; baie, baie, mooi tipe van die kerk vandag. Is julle nie bly julle het opgekom uit Egipte uit nie? Die penne uitgetrek van die ou knoffelpotte, en vleispotte, en dinge van die wêreld, danse en aanganery van die wêreld, en nou, opgeslaan in Beula Land, besig om 'n kampdiens hierbuite te hou. Ons het ons voor-en-teëspoed, maar ons is steeds op pad na die beloofde land. Die Vuurkolom marsjeer steeds voort, bou nuwe kampe elke jaar. Is dit reg?

57 Toe Martin Luther die eerste kamp gebou het, het hy dit so eng georganiseer, hy—hy kon net nie enigiets behalwe 'n Lutheraan wees nie. God het net gekom, die Vuurkolom uitbeweeg, die kinders het dit gevolg. Wesley het die boodskap gebring. Toe, voor jy jou kom kry, het Wesley dit so eng georganiseer, tot hy nie kon beweeg nie. Toe, eerste ding, het die Vuurkolom uitbeweeg, hier het die Pinkster gekom om uit te kom, wat reguit aangegaan het daarmee. Die Pinksters het so eng georganiseer dat hulle stry of hulle Eenheid, Tweeheid, Drieheid is; een-boggel kameel, twee-boggel kameel, drie-boggel kamele; *hierdie* manier, *daardie* manier, *daardie* manier; God wat net reguit uitbeweeg, hulle verlaat. Dis reg. Die Heilige Gees beweeg aan, kinders wat Dit volg.

58 O, sal dit nie wonderlik wees wanneer een van hierdie tye, Hy die oosterse horison sal breek, en die krete van die Hemel sal inkom, en af deur daardie Leeftyd die Bloed-gewaste heiliges sal kom nie. Waak, bid, uitkyk elke dag, ons klere gewas hou in die Bloed van die Lam, elke dag ons geloof hernu soos ons wandel, in Hom glo, harte oop om enigiets te ontvang wat Hy wil stuur. Glo alle dinge, hoop alle dinge, verduur alle dinge; dis liefde, God. God is liefde.

59 Let Hom nou op. En toe hulle by die Skelfsee gekom het, het die Skelfsee in God se pad gekom. Dink daaraan. Die Skelfsee het in God se pad gekom. God het aanbeweeg met Sy kinders. Glo julle Hy is by Sy kinders vandag? "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie; tog sal julle My sien, want Ek sal met julle,

selfs in julle wees tot aan die voleinding van die wêreld." God wat saam met Sy kinders beweeg.

60 Nou, let op, hier's nog 'n pragtige prentjie; ons gaan nie te veel daarop in nie. Maar let op, toe Farao se leër net omtrent gereed was om Israel in te haal, omdat hulle moes stop, die see was voor hulle, 'n hindernis, maar voordat God hulle deur die see kon beweeg, en die see kon terugbeweeg, het die Vuurkolom soontoe gegaan en tussen Farao en Israel gestaan. En wat lig was vir Israel, was duisternis vir Farao. Sien julle dit? As jy nie die waarheid wil aanvaar nie, sal dit duisternis word, en jy sal in die duisternis wandel. "Hy wat opsetlik sondig, nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offerande meer oor vir sonde nie."

Hulle het voortmarsjeer.

Gewandel in die lig, die pragtige lig,
Kom waar die doudruppels van genade helder
is; (Onthou julle om die ou lied te sing?)
Skyn oral om ons bedags en ook snags,
Jesus, die wêreld se Lig.

61 Israel wat voortmarsjeer het, tog was daar 'n siekte voor hulle, of 'n hindernis van 'n aard. En terwyl Israel afmarsjeer het na die see toe, het God 'n geheimsinnige ding laat gebeur. Hy het 'n klein krakie oorkant in die atmosfeer of iewers oopgemaak, en 'n sterk wind afgeblaas uit Sy neusgate, en dit baie sterk geblaas, en dit het net die see opgedroog, en sy het bang geraak en haar mure teruggeskuif, en Israel het oor marsjeer op droë grond. O, is dit nie wonderlik nie?

62 Nou onthou, daardie selfde God is vanaand hier. Hy was nie net destyds daar nie; Hy's vir altyd dieselfde. Hy verander nie. En Hy gee dieselfde soort van 'n tekens van bewyse dat Hy in die kamp is.

63 Luister. Ek sal hierdie ingooi net vir 'n oomblik. Enige tyd, enige plek, enige deel van die Bybel, waarnatoe God se Boodskap gaan, was daar altyd tekens en wonders wat daarop gevolg het. Nooit 'n stil rituele ding nie. Hulle het gesterf wanneer hulle sonder 'n visioen geraak het, het vergaan. Die rigters, gedurende die tyd van die rigters, het niks gebeur nie; net 'n baie, koue, formele, ritualistiese saak. God was nie in die kamp nie. Maar sodra God ingekom het, toe het tekens en wonders begin plaasvind. Sien julle wat ek bedoel?

64 Let op. Toe het God die Skelfsee oopgemaak en Moses en . . . het vir Israel oor die Skelfsee gelei, en die onbesnede, ritualistieses, wat die Lig verwerp het, geweier het om in die Lig te wandel . . . God wat lankmoedig was, het vir hulle baie tyd gegee het om dit te glo. Hy het vir hulle tekens en wonders, ensovoorts, gegee en hulle het hulle gesigte weggedraai daarvan. "Ek glo dit nie. Ek glo dis heksery." Begryp julle dit? En hulle

het geweier om dit te ontvang. Hulle, wat onbesnede was van harte en ore . . . "Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord," om die Woord te ontvang, bring nuwe Lig. En as hulle probeer oorgaan het soos die—die Israeliete het, het die see meegegee en elkeen van hulle vernietig. Sien dit?

65 Let dan op, hier is 'n pragtige ding vir elke gelowige wat eenmaal sy standpunt inneem vir Christus Jesus. Onthou, hulle het uitgekom . . . hoekom? Hoekom het God aan hulle guns bewys? Omdat hulle 'n verloste volk was, verlos deur die bloed van die lam. God het hulle tot volle versekering gebring, en het hulle uit die dood verlos, en was besig om hulle na die beloofde land toe te neem. Sien julle dit?

66 Geen wonder God kon met hulle werk nie. Hulle was onder die bloed. Hy kon nie hulle sonde sien nie, want dit was verberg deur die bloed van die lam, verlos, voortmarsjeer. Nie hulle besigheid om te sê: "Wel, wag 'n bietjie, laat ek uitkyk en sien wat dit gaan wees, hoe ons hierdie gaan doen," nie. Hulle het nie eers hulle eie kennis gebruik nie. Hulle het net die Gees gevolg.

67 En elke mens wat vanaand wedergebore is, probeer nie sy eie . . . met sy eie mentaliteit uitdink nie, want dis so swak, dis menslik, vol verderflikheid. Maar hy soek na die dinge van God. Hier is dit. "Daar is daarom nou geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is, vir dié wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."

68 Die Indiaanse vriende, gisteraand s'n wat hier opgekom het, daar's 'n klein, pragtige, Spaanse vroutjie wat gehuil het toe sy opgekom het, die trane wat teen haar wange afgeloop het. Ek het nog niks gesê nie. Ek het uitgereik om haar hand te skud, sy sit waarskynlik hier vanaand, en sy het 'n galsteenprobleem gehad. Ek het 'n visioen oor haar sien breek. Sy het my hand geneem, sy het my agter op die vingers gesoen, soos *daardie*. Sy het opgekyk soos *daardie*, net so tevrede. En God, my Regter hier, as sy nou hier is, sy weet sy's vry van galstene.

69 Daar was 'n klein, Indiaanse meisie wat daar opgeloop het in haar nederige eenvoud, haar starende, swart oë wat hierdie kant toe gekyk het, sy het aanhou soek tot sy myne gevang het. 'n Glimlaggie het oor haar gegaan. Sy het 'n bors probleem gehad. Sy het 'n potlood in haar bors gesteek, jare gelede, en dit het haar bors seergemaak. Sy het 'n vreeslike tyd daarmee gehad. As sy onder die klank van my stem sit, jy moenie bekommerd wees nie, suster. Jou geloof maak jou gesond; jy gaan gesond word. Dis reg. Hulle dopgehou in die eenvoud van hulle wandel, hulle geloof wat beweeg, ek het gedink: "Dis nie nodig om haar daarvan te vertel nie, want sy sal dit in elk geval naderhand uitvind." Net . . . Wanneer God dit gedoen het, handel dit . . . Jy kan nie alles vertel nie, gaan net oral heen.

70 So ek het net gedink aan nadat hulle verbygegaan het, hulle was afgesonderde mense. God vereis totale vernietiging van sonde. Is dit nie 'n woord vir 'n Calvinis om te sê nie? Maar dis reg. God vereis totale vernietiging. En hoe kan jy dit doen as 'n mens? Jy kan nie. Maar Christus het dit vir jou gedoen. En bly jy net in Christus. Dis al. God kan glad nie die sonde sien nie, want Hy moet eerste die Bloed sien, en Hy kan nie deur die Bloed sien nie. As Hy deur die Bloed kyk, sien Hy jy's wit. Bly net in Christus, dis al. Is dit nie eenvoudig nie?

71 En ons is op ons pelgrimstog; ons gaan ons hoogte- en laagtepunte hê soos hulle gehad het, ons jubeltye, en ons hoogte en laagtepunte, maar ons is op ons pad.

72 Nou, kyk hierna. Na hulle oorgegaan het, na hulle teruggekyk het en die ou dooie slawedrywers agter hulle gesien het, het dit 'n jubeltydjie veroorsaak. Ek glo daarin om daardie nou en dan te hê, en julle? Dit skud soort van al die as af, julle weet.

73 Ek het gestaan, nie lank gelede nie, bo Chicago, 'n paar weke gelede, toe ek dopgehou het daar by Michiganmeer, die ys het oral rondom gevries, daardie yslike, groot, ou seegolwe wat ingekom het soos *daardie*, wat slaan, kwaai flits, asof dit probeer het om in te kom. Ek het gedink: "Wel, waarom slaan dit soos *daardie*?" En ek het gedink: "Wel, jy weet wat? Daar's nie meer water daarin net nou, as wat dit is wanneer dit heeltemal kalm is nie, dit het net 'n herlewing." Dis al. Dis reg.

74 Wanneer jy die Here Jesus glo, handel dit dit af. Jesus het Self gesê: "Hy wat My woorde hoor, in Hom glo wat My gestuur het, het Ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie, maar het alreeds oorgegaan uit die dood na die Lewe." Nou, ons het 'n herlewing nodig.

75 Ek het gedink: "Waarom spring die see so?" Wel, daar kom 'n geweldige, rukwind af en veroorsaak 'n herlewing. Dieselfde hoeveelheid water (Dis reg.), maar dit het 'n herlewing. Wat doen dit? Dit gooi . . . laat al die gemors op die wal uitspoel. Ons het nou en dan 'n uitskuur nodig. God gee ons 'n herlewing, en 'n geweldige wind wat deurtrek, wat afruk deur die kerk soos *daardie*, en al die gemors uit ons uitspoel. God reinig ons deur die Heilige Gees, die Wind wat uit die Hemel kom wat jou siel skud, jou uitskuur. Steeds dieselfde skepsel, maar jy is uitgeskuur. Sien? Dis reg.

76 Nou, Miriam en hulle, wat teruggekyk het, en daardie skeiding gesien het, vir ewig van hulle vyande verwyder is. Hoe lank? Hoe lank sou hulle veilig wees van hulle? "Hierdie Egiptenare wat julle vandag sien, sal julle in ewigheid nooit weer sien nie." Amen. Hulle in die See van Vergetelheid gesit en nooit weer aan hulle gedink nie. Dis die soort God wat ons het; gaan

nie en grawe dit weer op, en hou dit teen jou nie. "Ek vergeet daarvan." Amen.

77 O, goeiste! Geen wonder Miriam het 'n lied in die hart gehad nie. Sy het 'n tamboeryn opgetel, begin dans, en langs die oewer afgespring. O, julle ken die Heilige Gees, lyk asof, dit net aansteek van een na die ander, soos die atome in 'n ry. Sien? En dit het begin spring van een na die ander, en hulle het almal tamboeryne gekry, en net 'n regte jubelfees gehou. En jy weet, Broer Moses het so bly geraak, dat hy sy hande opgesteek het en in die Gees gesing het. As dit nie 'n holy-roller diens is nie, het ek nooit een gesien nie. Dis reg. Hierdie is niks nuuts nie. Dis net 'n nuwe geval van die oue. Dis reg.

78 Daar was hulle, wat in die Gees gesing het, gedans het in die Gees; al die musiek geslaan het, hulle hande geklap het. Wat 'n tyd het hulle gehad. Hoekom? Hulle vyand was vernietig. Amen. Hy doen steeds dieselfde ding, onder 'n beter verbond, baie beter as die ou verbond.

79 Nou, God het belowe dat Hy in al hulle behoeftes sou voorsien; nie hulle begeertes, nou nie, hulle behoeftes. So hulle het uitgekom met net 'n klein bietjie brood, genoeg om hulle omtrent een dag te hou. God wil nie hê jy moet aan die dinge vashou wat jy eers gehad het nie, aan jou ou gewoontes vashou, en dinge wat jy eers gehad het nie. Laat vaar hulle. God sal jou iets anders gee wat beter is. Dis reg. Het julle ooit probeer? Hy sal.

80 Jy sê: "Wel, ek kan net nie." Ja, jy kan; laat gaan net een keer en laat God. Laat gaan net en laat Hy wys wat Hy daaraan kan doen.

81 Nou. En toe, toe hulle gekyk het, die volgende oggend toe hulle opgestaan het, was daar iets bonatuurlik wat gebeur het. Hulle was honger, ontbyttyd, en hulle het wafels met heuning die volgende oggend vir ontbyt gehad. Dis reg. Gesê hulle het wafeltjies gehad wat soos heuning gesmaak het, wafels wat alreeds gaar was, en afgestuur is met heuning op hulle. Broer, jy kan dit nie klop nie. Dis goed vir enige ontbyt. Ja, meneer. Wafels en heuning, hulle het net hulle lippe daarvan afgelek. En dit was 'n tipe.

82 Dit was Christus wat afgekom het uit die Heerlikheid, Homself verneder het, in die vorm van die Brood van die Lewe, Lewe-gewend vir die reis. En dit het nooit ophou val totdat hulle in die Millennium ingegaan het nie. Amen. Dit reg?

83 Daardie selfde manna het elke dag konstant geval behalwe Sondag, elke dag dieselfde, tot hulle in die Millennium ingegaan het, die tipe, oorkant in die beloofde land in. En dis waar alle Hebreeuse profete, deur die jare, uitgesien het na die Millennium. En dieselfde Heilige Gees, wat 'n tipe was wat geval het op die dag van Pinkster, sal net so voortgaan tot

die Millennium begin. Mense sal steeds die Heilige Gees hê, en dieselfde dinge sal plaasvind, die heelpad deur (Dis reg.) tot die Millenniumtydperk.

84 Christus, die Brood van die Lewe, wat afgekom het uit die Hemel, Homself verneder het, Sy Lewe gegee het, dat deur Sy Lewe, ons genade vir die reis kon hê. Waar het dit vandaan gekom? Uit daardie Vuurkolom uit. Dis waaruit dit geval het. Hy was daarbo. Dit was Christus, Self, die Logos, die Engel van die Verbond, wat Moses Egipte verlaat het, sonder om te weet waarheen hy gegaan het, maar hy was op sy pad, die kinders van Israel het gevolg. Dat God belowe het dat die Engel hom sou lei. En kyk, God het gesê: "Ek sal My Naam in Hom plaas. Hy sal nie julle oortredinge vergewe nie, so wees versigtig vir Hom." Hy het nog nie vlees geword om onder ons te wandel, om Sy Bloed te stort om ons sonde weg te neem nie. So die bloed van lammers en bokke was baie, baie broos. Dit sou maklik breek.

85 Maar nou, het die Bloed van Christus, eenmaal gestort, gereinig tot die Dag van verlossing. Die heelpad deur, na hy vervolmaak is, deur die reinigingsproses van die Heilige Gees, deur die Bloed van die Here Jesus, is daardie gelowige geanker tot die Dag van verlossing. Wat? Ja, meneer. Efesiërs 4:30 sê: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die Dag van verlossing."

86 Neem dit nie nou net die vrees uit dit uit nie? God is met ons. Al sondig jy, het jy 'n Advokaat. Sê vir God jy's jammer, kom weer terug. Dis hoe om dit te doen. Moenie dink jy's vir ewig uitgewerp nie. Solank jy nog genoeg begeerte het om na hierdie kerk toe te kom, kom. God is steeds met jou. Dis reg. Hy is beslis.

87 Ja, Hy sal net aanhou beweeg, solank as wat jy sal . . . wat Hy jou geroep het. Hy's steeds in die verlossingsbesigheid om jou te roep. En almal wat roep, Hy trek nog steeds aan jou hart: "Komaan, maak nie saak wat jy gedoen het nie." God wil jou steeds vergewe, jou terugneem, jou 'n bietjie liefhê, en jou teen Sy bors vasdruk, jou 'n paar geestelike vitamiene gee, jou terugsit in die kerk, weer op jou plek. Hy het gekom om te verlos, om te soek en te red dié wat verlore was.

88 Nou, let op. Die manna het geval, en hulle het dit geëet, en dit was die Brood van die Lewe wat hulle onderhou het die heelpad deur die reis. En die dag wat hulle in die tipe ingegaan het, die Millennium, oorkant in die ander beloofde land, waar hulle kon, soos ons sal, vir 'n duisend jaar sonder dood, toe hulle in daardie land ingegaan het, toe het die manna ophou val, 'n baie mooi tipe, soos die Heilige Gees vandag val, wat die Manna uit die Hemel is. Die dag wat ons in die Millennium ingaan, sal Christus, die Seun van Dawid, op Dawid se troon sit (Amen.), dan sal ons nie meer enige Heilige Gees nodig hê nie, want Christus sal Self daar wees, in 'n liggaamlike vorm, as Koning Jesus. Dan gaan al die nasies

beslis hulle ploegskare, of, hulle snoei, of, swaarde in ploegskare verander, en dan is oorlog verby; gaan 'n bietjie rus hierrond hê. Die hele wêreld gaan juig, en die jubeljaar sal kom.

89 Let op. Nou, soos hulle verder gereis het . . . Ek moet opskud; ek het nog omtrent vyf minute oor. Let op. Hulle het toe daar oorkant aangekom, en na- . . . Is dit nie vreemd nie, al is jy verlos deur die bloed, wil ek hê jy moet oplet 'n persoon kan nie sondeloos in homself wees nie, dit verg 'n versoening.

90 Na hulle al daardie wonderwerke en dinge gesien het wat God vir hulle gedoen het, het hulle steeds gemor en gekla. God se liefde, nie gewillig . . . Eendag sou God hulle hele groep uitwis; begin met Moses, en 'n nuwe geslag oprig. En Moses (Hier's die krag van 'n gelowige.) het homself in die bresse gegooi vir die mense, gesê: "God, moenie oor my gaan nie. Vat my eerste, voor U hulle vat." Let op. En God kon nie oor Moses gaan nie. Die liefde vir daardie mense, het Moses gehad. Die hart van God het dit gesien en kon nie oor Sy profeet gaan nie. O, goeiste! Kan julle dit sien? wat gebed kan doen? God verander. Ja, nadat God alreeds iets gespreek het wat sal wees, kan gebed dit verander.

91 Die profeet het vir Hiskia gesê hy gaan sterf; sy huis in orde te kry, want dit was SO SPREEK DIE HERE. Die koning het sy gesig na die muur toe gedraai, en bitterlik begin huil, en gesê: "Here, ek smeek U om my in ag te neem. Ek het voor U gewandel met 'n volmaakte hart." En toe hy het, gelyk asof God direk met die koning sou terugpraat. Hy's die grootste, belangrikste man in die land.

Maar God het 'n manier om dinge te doen. Hy het weer uitgegaan en die profeet vertel, gesê: "Nou, gaan terug en sê vir hom."

92 Hoe vernederend was dit vir Jesaja, na hy uit die paleis gekom het, vir al die hooggeplaastes: "Wat van ons geliefde koning?"

"SO SPREEK DIE HERE, hy gaan sterf."

Uitgestap na die soldate: "Wat van ons koning, o, profeet van God?"

"SO SPREEK DIE HERE, hy gaan sterf" (huil).

Uitgegaan na die arm mense by die poort: "Wat van ons koning?"

93 "SO SPREEK DIE HERE, hy gaan sterf." Het daar uitgegaan en in sy huisie gesit, en 'n bietjie gehuil oor die koning, sy Skrifte opgetel en Dit begin lees. Hier kom 'n visioen af. God het in die visioen gestaan, gesê: "Gaan terug en sê vir hom Ek het sy gebed gehoor."

94 Hier kom hy weer reguit terug, al die arm mense by die hek: "SO SPREEK DIE HERE, hy gaan lewe." Weer reguit terug: "SO SPREEK DIE HERE, hy gaan lewe." 'n Sakkie vye vir hom

saamgebring, vir hom 'n paar pappe gemaak, en dit op die koning gesit. Derde dag het hy kerk toe gegaan om te aanbid. Gebed het verander van die dood na die lewe. "Gebed van geloof sal die sieke red, God sal hom oprig." Daar het julle dit.

95 Al hierdie gemor, en voor jy jou kom kry, omdat hulle begin mor het, het God hulle watertoevoer afgesny. Dis wat fout is met die watertoevoer vandag. Dis hoekom ons nie enige herlewing in Amerika het nie: mor, kla.

"Jy behoort nie aan die Gemeentes nie; jy's nie daarin nie."

96 "Nee, jy moet *hierdie* wees, of jy moet die Kerk van God wees. Jy moet 'n Baptis of Metodis wees. Jy moet *hierdie*, *daardie* wees . . . " O, dis hoekom ons nêrens kan kom nie (Ja, meneer, as dit nie vir die soewereiniteit van God was nie, sou Hy die hele ding afgeskakel het, dis reg.): die gemor van die mense.

97 Ek sê jou, broer, solank as wat mense stry, en kla, en mor oor hulle kerkverband en denominasie, is julle steeds vleeslik, wandel met 'n vleeslike gesindheid, soos ou klein kindertjies. Hoekom word julle nie groot en word 'n slag 'n man nie? Kyk na die groter prentjie. Watter maak dit saak aan watter kerk jy behoort, solank jy 'n kind van God is? Niks nie.

98 Mnr. Baxter het altyd vir my 'n storietjie vertel. In Kanada sou hulle 'n Schwinn fiets weggee, of een of ander soort fiets, vir enige seun wat op 'n twaalf-duim plank kon ry vir 'n halwe stadsblok ver, sonder om af te val. Hy het gesê: "Goeiste, ek weet ek sal dit kry." Hy het dorp toe gegaan en 'n sak kruideniersware gekry, teruggekom, en nooit eers sy hande op die handvatsels gesit nie. Gesê: "Ek . . . baie van die seuns . . . "

99 Hulle het 'n ou mamma se seuntjie daar gehad. Hy het ook ingeskryf vir die kompetisie. So hulle het opgegaan, en elkeen het van die plank afgeval, behalwe die ou mamma se seuntjie. So na dit alles verby was, het die seuns hom buite gekry, gesê: "Hoe het jy dit reggekry om dit te ry?"

100 Gesê: "Ek sal julle sê wat is fout, kêrels." Gesê: "Elkeen van julle het julle handvatsels gevat, en het afgekyk, soos *hierdie*, om op die plank te probeer bly." Gesê: "Ek het nooit enige aandag gegee aan wat *hier* was nie; ek het die einde dopgehou. Daarom, jy wikkel nie as jy die einde dophou nie." Amen. Daar is dit. Sien julle dit? Moenie enige aandag gee aan hierdie huidige toestand nie, kyk na die einde, die Koms van die Here.

101 Ek sou 'n ellendige persoon gewees het vanaand, as ek nou sou rondkyk, en gesien het wat aangaan. Maar ek kyk na Hom, die Leidsman en Voleinder van die geloof. Christus, aan die einde, wanneer Hy sal kom en sê: "Hoekom het julle julleself gekoloniseer? Hoekom het julle kant gekies *hier* en kant gekies *daar*? Hoekom was julle nie groot genoeg om *hier* op te kyk, en te weet dat Ek lief is vir 'wie ook al wil, laat hy kom,' nie?" Amen.

Ek sê ons is broers dan, kom ons staan reg bymekaar. Amen. Daar het julle dit. Let op.

102 Dan begin julle stry en hulle watertoevoer was afgesny. Hulle het mekaar begin steek. Wel, dis wat verkeerd is met die distel vandag, of daardie springkaktus, broer. Het geen water daarbuite gehad nie. Daar baie water in die woestyn moes wees, weet julle wat sou oor 'n paar jaar gebeur? Daardie ding sou blare daaraan hê, in plaas van dorings.

103 Dis wat fout is met die kerk vanaand, dit het geen blare vir die genesing van die nasies nie. Dit steek en is sonder water, het dorings geword, wat mekaar steek, omdat jy nie aan 'n sekere organisasie behoort nie; stekery. Gooi die Water op, dis wat julle nodig het: die Heilige Gees.

104 Mor, vleeslikheid; hulle watertoevoer afgesny. Kan julle julle 'n volk voorstel wat die modderige waters van Egipte verlaat het om te drink uit die geestelike Rots, en steeds gekla het? Kan julle julle voorstel om die vleispotte en knoffel van Egipte te verlaat, om Engele-kos te eet, en steeds gekla het? Kan julle julle dit voorstel?

105 Die hoogmoedige dokters van Egipte verlaat het, wat sê: "Die dae van wonderwerke is verby. Daar's glad nie meer so-iets soos wonderwerke nie." En dan uit te gaan en by die mense te wees wat glo in die tekens wat volg, met 'n teken van 'n Koning in die kamp, en groot wonders en teken; 'n Vuurkolom wat oor hulle hang, die seëninge wat val, geestelike manna uit die Hemel, en steeds mor; belediging vir hulle Skepper. Reg.

106 O, wat 'n tyd. God is steeds in Sy genade, steeds genadig. Gesê: "Moses, gaan uit en spreek die rots aan en gee vir hulle water. Hulle het al die wonderwerke vergeet wat verlede maand gebeur het. Hulle het vergeet hoe Ek die Skelfsee oopgemaak het."

107 Sit vanaand siek hier, het jy vergeet hoe God jou siel gered het. En dit was die ergste van . . . 'n groter wonderwerk gewees as wat dit was om jou liggaam te genees. Hulle het alles daarvan vergeet, behalwe Moses; tog in U genade: "Komaan, Ek, in genade, Ek gaan weer die rots oopmaak. O, goeiste! Na Ek My Woord gestuur het, en hulle daarna gekyk het, hulle dit gehoor preek is. Wou hulle dit nie glo nie. Tog steeds daarin, sal Ek gawes in die Kerk instuur. Ek is lankmoedig. Ek sal tekens en wonders wys, aan en aan." Is Hy nie wonderlik nie?

108 Dan gaan stry ons oor watter Kerk ons aan behoort. Hy stuur steeds die reëns, net dieselfde, seën steeds ons siele, stuur vir ons herlewings, rig evangeliste, en pastore, en leraars vir ons op, plaas gawes van genesing in die kerk, profesie, en praat in tale, uitlegte, en al *hierdie*. Tog in al ons stryery, en fanatismes, en dinge, waarin ons beland, stuur God dit net dieselfde aan,

lankmoedig, wagtend. Sekerlik sal iemand tog seker wakker skrik naderhand (Sien?) voor die Koms van die Here.

109 Moses het toe opgegaan soontoe, toe hulle almal was . . . gesê: "Neem die staf, en gaan daar uit, en staan voor die rots. Ek sal jou op die rots ontmoet." O, ek hou daarvan. "Ek sal jou op die rots ontmoet."

110 Hy het die eerste keer die rots geslaan, het water gegee; 'n tipe van Christus wat die Rots was. Kyk, die vleeslike verstand sou gou gesê het: "Die swakste plek in die wêreld om water te probeer vind, was in die rots. Dit was die droogste plek in die woestyn. Wel, sekerlik, as daar geen water hieronder onder die palmbome is, waar die fontein was nie, is daar tog nou niks daarbo in daardie rots nie." Tog, God in . . . Wel, die wysheid van God is dwaasheid vir die mens.

"Wel, dis die droogste plek in die land, om dit ooit te probeer kry."

Maar tog, het God gesê: "Net daar is waar die water is."

111 En die mense vandag, sê: "O, Goddelike genesing, as daar enigiets is, sou dit bo in die groot hooggeplaastes wees, en dit sou in die groot kerke wees, en die Vatikaanstad. Dit sou waarskynlik by die Aartsbiskop van Canterbury gewees het, party van hulle sou die gawes hê." Of sou dit in een van daardie ou sendingstasietjies onder in die straat gewees het, waar hulle hulle hande klap en aangaan, die dwaasheid. "Tog, het dit God behaag met die dwaasheid van prediking om die verlorenes te red." Amen. Sien julle dit?

112 Die water is partymaal waar jy nie sal ve- . . . dit die minste verwag. Hoekom? Die vleeslike verstand sou sê: "Hoekom die rots slaan? Wel, Moses," party van die hooggeplaastes van die kamp sou sê: "Moses, waarom gaan jy soontoe om die rots te slaan?"

"God het so gesê."

"Wel, slaan dit *hier*onder waar die water is."

"God het gesê: 'Slaan dit *daarbo*.'"

Naäman het gesê: "Is die waters daarbo in my land, nie beter as hierdie modderige waters nie?"

Maar God het gesê: "Onderdompel in *hierdie* waters; *hierdie* is die water."

113 Hy het sy neus toegedruk, afgegaan, maar soort van sy aansien aangetas, maar hy is beslis gesond geword. Dis wat ons vanaand nodig het, is om ons aansien te vergeet, ons eie verstandelike begrip te vergeet, en te glo wat die Heilige Gees sê, en gelei te word deur die Gees van God.

114 Toe hulle toe die volgende keer dors geraak het, het hulle hulle uitbeweeg, en gesê: "Nou, gaan praat met die rots, en dit

sal sy waters gee." Ek wonder of enigiemand hier vanaand dalk nie meer met die Rots kan praat nie.

115 Hanna, eenkeer, sy het 'n klein, dors babatjie gehad. Dit was sterwend. Sy het gewonder hoe haar meesteres, Mev. Abraham, Sara, hoe hulle haar so kon behandel. Sy was 'n getroue, klein werkertjie vir hulle gewees. En wettiglik, toe poligamie wettig was, het sy met hom getrou, net so wettig as wat dit kon wees. En die babatjie het gekom. Waarom sy geen rede gehad het, hoegenaamd, wat, hierdie skielike, vreemde ding gebeur het nie. En daar is vir haar 'n klein botteltjie water, en 'n mandjie brood gegee, en uitgestuur in die woestyn om te sterf, saam met die babatjie. Sy kon dit nie verstaan nie. Weet julle wat het sy gedoen? Die kleintjie het begin skree vir water toe daar geen water was om dit te gee buite in die woestyn nie. Sy het hom onder 'n bos neergelê, en omtrent sover weggegaan soos 'n boog kan skiet, en sy het met die Rots gepraat.

116 Gesê: "Waarom huil jy, vrou. Kyk hier oorkant. Daar's 'n hele fontein water." Staan steeds vandag, *Beersheba*, 'n put: "God kyk en sien my raak." Sy het met die Rots gepraat.

117 Daar's 'n vrou wat eendag bloedvloeiing gehad het. En sy het al haar lewensmiddele spandeer, die plaas verpand, al die spanne verkoop, en alles, en probeer gesond word het deur die dokters. Hulle het alles probeer, en al die geld geneem, en tog, was sy niks beter nie. So sy het 'n bootjie aan die rand van die wilgers hoor inbeweeg, daaronder een oggend. Sy het uitgegaan en met die Rots gepraat. Sy het gekry waarvoor sy gevra het.

118 Martha, baie vlytig om vir die predikers iets te gee om te eet; haar suster het haar soort van berispe en gesê sy moet *dit*, *dat*, of die *ander* doen. Maar voor jy jou kom kry . . . Sy mag 'n bietjie onbesorg gewees het, maar sy het na goeie dinge geluister. En voor jy jou kom kry, eendag, toe haar broer dood was, al dood was vir vier dae, het sy uitgegaan en met die Rots gepraat. En die Rots het lewe vir haar broer gegee.

119 Arme Moses, terwyl ons afsluit, hy het die Rots gevolg, en eendag, na hy ongehoorsaam was, het God hom vertel, gesê: "Nou, Moses, onder in hierdie woestyn van Sonde, het jy gro- . . . My nie grootgemaak nie, daaronder of My verheerlik nie. Jy het self al die krediet geneem. So Ek kan jou net nie laat oorgaan nie. So Ek wil hê jy moet opkom, hier opklim tot by Pisga. Ek gaan vir jou wys wat voorlê." Ek hou daarvan.

Ek's vol heimwee en moeg, en ek wil Jesus sien,
Ek wil die mooi haweklokke hoor lui;
Dit sal my pad verlig, al my vrese besweer;
Here, laat my verby die tydsgordyn kyk.

120 Moses, wat die berg geklim het, gesing het, omgekyk het, trane wat sy oë verdof het, terwyl hy daar opgeklim het, ongehoorsaamheid, hy het iets verkeerd gedoen, tog, was hy 'n

dienskneg van God. Hy het gestaan en oor die land gekyk, al die pad van Dan na Beersheba. Hy het alles op-en-af bekyk. Hy het dit in die lentetyd gesien, in April, en die groot vallei het daardeur gevloei. Hoe pragtig was dit, van melk en heuning, 'n pragtige land. Hy het beslis verlang om oor te gaan. Amper tagtig jaar, veertig jaar in die woestyn saam met hierdie kinders.

121 En toe, toe God sê: "Maak gereed, Moses. Berei jouself voor, want Ek moet jou huis toe vat, vanmôre." Moses, wat gestaan en kyk het, hy het die koue winde van die dood voel naderkom, sy pols het in sy mou opgekom. Hy het net gekyk; hier langs hom, het gelê, daar het die Rots gelê. Hy het oorgeklim daarop, die Engele het hom weggeneem.

122 Omtrent agthonderd jaar later, sien ons hom op die Berg van Verheerliking, besig om met die Rots te praat. Dis reg. Daardie Rots het hom deurgedra. Die Rots het my deurgedra, sover. "Dis genade wat my sover veilig gebring het; genade sal my verder neem."

As jy in die moeilikheid is vanaand, kom ons praat met die Rots. Uit Hom kom 'n oorvloed van water, nie net 'n druppeltjie nie, 'n hele spuitfontein.

123 Het julle besef hoeveel mense? Tweemiljoen mense, behalwe al hulle kamele, het kom drink uit daardie fontein, en daar het 'n oorvloed daarvan oral gevloei. Hy het baie vanaand. Wil jy nie met Hom kom praat, terwyl ons ons hoofde 'n oomblik buig vir gebed nie?

124 Ons geliefde Verlosser, hierdie mag die laaste diens wees wat baie ooit sal sien, mag die laaste een wees waarin ons bevoorreg is om saam te sit hierdie kant van die Ewigheid. Na ek hier gestaan, en praat het van U Woord, gesê het dat daar 'n Rots is, en: "Dis nou geslaan . . ." So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun geslaan het, sodat riviere van Ewige waters van die Lewe uit Hom kan kom vir mense wat vergaan. "So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sou gaan nie, maar die Ewige Lewe sou hê."

125 Ons dank U. Jesus gesê: "Wie ook al My Woorde hoor, glo in Hom wat My gestuur het, het onverganklike Lewe. Hy het gedrink uit die fontein van die Gees van Christus en kan nooit weer in die oordeel kom nie, maar het alreeds oorgegaan uit die dood na die Lewe."

126 U ken die hart van elke man, vrou, seun, of meisie, hierbinne, Vader. Ek bid vanaand soos ek hierdie woorde toevertrou aan U, dat U met menslike harte sal praat. En mag hulle vanaand met die Rots praat, en sê: "Ja, Rots, Rots van die Eeue, geklief vir my." Skenk dit, Vader, want ons vra dit in Sy Naam.

127 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, wonder ek of iemand net jou hand sal opsteek na die Rots, nie na julle broer, hier nie,

sê: "Rots, Christus Jesus, Fontein van Ewige Lewe, ek kom nou nederig. Ek steek my hand op, en sê dit: 'Stort uit op my, U Ewige Lewe.'"

128 God seën jou, my suster. God seën jou, my broer. God seën jou. Iemand anders, steek jou hand op, hier op die onderste vloer, sê: "O, Bron van die Lewe, ek kom, ek kom. Hiermee steek ek my hand op." God seën jou, my Mexikaanse broer. God seën jou, my broertjie, wat daaragter sit.

129 "Ek kom, Fontein van die Lewe. Ek steek nou my hand op; waarlik in my hart, glo ek dat Christus gesterf het as my Verlosser om my terug te bring na God in gemeenskap, deur 'n seun of dogter te wees, en in gemeenskap met die Heilige Gees."

God seën jou, seuntjie. God seën jou. Iemand anders jou hand opsteek? Sê dit: "Here, ek gee myself vir U."

130 God seën jou, dametjie. Ek sien jou daaragter in die middelry. Iemand anders? God seën jou, jong man. God seën jou, meneer. En God seën jou, jong dame. Dis goed. God seën jou, mevrou, die Mexikaanse vrou wat daar sit. God seën jou. God seën jou, jong dame, hier oorkant aan my linkerkant. Iemand anders? Hou aan bid, hou julle hoofde gebuig.

131 Hulle kom nou. God seën jou. Weet jy wat dit beteken? God seën jou, suster. Dis goed. God seën jou, suster. O wonderlik. Weet julle wat God gesê het? "Niemand kan kom, as My Vader hom nie trek nie. En almal wat kom, vir hulle sal Ek die Ewige Lewe gee."

132 As julle glo dat ek die dienskneg van God, en Sy profeet, of liewer, dienskneg is, glo dat die Boodskap wat ek preek die waarheid is . . . Dit word nie reg uitgevoer nie, maar dis die beste wat ek kan, met alles wat ek kan. Dit kom uit my hart uit. Onthou, die Woord van God het gesê, die einste Engel van God, Wat elke aand bewys dat die Boodskap waar is: "Dat wie ook al glo, die Ewige Lewe het." Nie met die verstand glo nou nie; uit die hart, sê: "Here, ek maak net my siel oop. Jesus Christus het belowe dat ons nooit in die oordeel sal kom nie, maar oorgaan uit die dood na die Lewe, net deur 'n gebaar te maak aan God: 'Hier is ek, Here. Ek glo nou.'"

133 Iemand anders, terwyl ons . . . Dink daaraan, vriend. Wat 'n eenvoudige ding. God seën jou, broer, ou, grys-kop man, wat sy hande opsteek, mag die eerste keer wees in sy lewe. Wat nou kom, God gee vir jou die Ewige Lewe, my broer. Jy mag baie edel dade in jou dag gedoen het, sonder twyfel het jy, mag 'n vader van baie kinders wees, maar vriend, dis die grootste ding wat jy ooit in jou hele lewe gedoen het. Wanneer die dood jou koud maak, miskien binnekort, ek weet nie, mag nog 'n paar jaar wees, sal jy onthou: "Ek het my hand opgesteek." En wanneer jy hier uitgaan, sal God dit terug openbaar aan jou, jou hand op. "Ek aanvaar Jesus nou as my Verlosser." God het gesê as jy dit doen, sal jy nooit verlore gaan nie.

134 Hoe eenvoudig het Hy dit gemaak, net verlang, jou liefhê. Sal jy jou hand opsteek? Iemand anders op die onderste vloer, voor ons in die balkon ingaan, gou-gou, voor die gebedsry. God seën jou, moeder. God seën jou, grys-kop vrou, lyk na 'n heilige vrou, waarskynlik 'n goeie ou moeder, nog een, twee van hulle, wat langs mekaar sit. God seën jou, suster.

135 Ek weet my woorde om te sê: "God seën jou" is nie veel nie. Maar wat beteken dit? Dit beteken uit die diepte van my hart, vra ek vir God om aan jou die guns toe te staan waarvoor jy vra; wanneer Hy belowe het Hy sal dit doen. Dis so maklik vir my om dit vir Hom te vra. Hy het belowe Hy sal dit doen.

136 Bo in die balkon aan my linkerkant, enigiemand daarrond? Steek net jou hand op sê: "Ek wil nou die Ewige Lewe hê." God seën jou, meneer. God seën jou, dame. God seën jou, meneer. God seën jou, en jou, en jou. Dis goed. God seën jou. "Ek nou . . . " God seën jou, meneer. God seën jou, dame. God seën jou, die klein Mexikaanse meisies op die punt. Ek sien julle. God seën julle.

137 God seën jou, die seuntjie, wat hier aan my linkerkant sit. Dis reg. Kyk skat, ek vertel vir jou die waarheid. Jesus gee, net nou, vir jou die Ewige Lewe, omdat Iets jou hartjie getref het. En dis die enigste ding wat jy kan doen, skat, is net om te glo. God doen die res daarvan. Genade, red Hy jou. Sien? Wees 'n goeie, seuntjie, en almal van julle daarlangs. Wees nou goeie kinders van God, dien Hom. Hy het belowe Hy sal dit doen.

"Omdat U belowe het, glo ek. O Lam van God, ek kom."

138 Aan die balkon aan die . . . my regterkant nou? God seën jou, meneer. Deur dit te doen het jy oorgegaan uit die dood na die Lewe, sodra jy jou hand opgesteek het. God seën jou, skat. Doen jy dieselfde ding. God seën jou daaronder, suster. Jy het oorgegaan uit die dood na die Lewe toe jy jou hand opgesteek het: dis volgens die Woord van God. Hoekom? Dis teen jou natuur om jou hand op te steek. Iets het met jou gepraat, gesê: "Steek op jou hand." Dis die Heilige Gees. En toe het Hy gesê: "Hy wat sal kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie." Jy het Lewe sodra jy glo, iets gebeur in jou hart. Jy kon nie jou hand opsteek tensy jy geglo het nie.

139 In opregtheid, as jy jou hand het en sê: "Ek . . . hier Here, my hand. Dis al wat ek weet om te doen. Die prediker het my net gevra om my hand op te steek en U het vir my gesê as ek sou kom; hierdie beteken ek kom. Aanvaar my net nou, soos ek is. God belowe, ek glo. O, Lam van God, hier is ek voor die geslaande Rots."

140 Hierdie gemeente is net nou voor die Rots wat in die woestyn was; hier stort nou geslaande Lig in elke gelowige in. Binne 'n paar oomblikke sal ons die Koperslang oprig, maar terwyl julle dors na die Ewige Lewe, kom drink nou; Dis vrylik joune, deur genade vir jou gegee.

141 Sal jy jou hand opsteek, enige ander plek in die gebou wat nie jou hand opgesteek het nie? God seën jou, jong man. Mag die Here dit vir jou gee. Hy gee. Aan my regterkant, ek sien jou hand, ook. God seën jou, seun. Net daardeur: "Hierdie is om te sê ek het Hom nou aanvaar. Genade het met my hart gepraat en ek glo nou." Is daar net nog een voor ons afsluit, êrens?

142 O, sê jy: "Broer Branham, wat beteken dit of ek my hand opsteek of nie?" O, goeiste, op daardie Dag, op daardie Dag. Hoekom sê ek hierdie dinge? Die Heilige Gees sê vir my om dit te sê; en jy doen wat die Heilige Gees vir jou sê. Dink aan nog een hand, wat (Wat is dit in die oë van God?) tienduisend wêrelde werd is.

143 God seën jou, suster, daaragter aan my regterkant. Jy het nou die Ewige Lewe, onverganklike Lewe ontvang. God het na jou hart toe gekom, aan jou deur geklop, gesê: "As jy My laat inkom, sal Ek vir jou Lewe gee."

144 Jy het jou hand opgesteek na Hom, en gesê: "Hier is dit, Here." Hy kan jou nie uitwerp nie. Hy sou—Hy sou Sy Woord moes verwerp. Hy sou iets moes sê wat nie reg was nie. Hy kan nie. Hy's God. Hy moet Sy Woord hou. Goed.

145 O, ek sien nog twee. God seën julle daarbo, kinders. Jesus sien julle hand. God seën julle hartjies. Seuntjie is omtrent twaalf jaar oud; en jy sê: "Wel, sien Hy daardie kind?" Ja. En aan my linkerkant sien ek die handjie daar oorkant in, ek dink 'n Mexikaanse dogtertjie s'n. God seën jou, skat. Hy gee jou die Ewige Lewe net nou. Jy het Lewe so seker as wat ek 'n prediker agter die platvorm is en God . . . God seën jou, my broer, ver agter aan die agterkant. Ek glo 'n Mexikaanse broer; ek's nie seker nie, met sy hand op. God gee vir jou net nou die Ewige Lewe. "Hy wat My Woorde hoor, wat pas gespreek is, in Hom glo wat My gestuur het, het . . ." [Leë kol op band—Red.] " . . . en sal nooit verlore gaan nie." Kan nie verlore gaan nie, het die Ewige Lewe.

146 Dink; dertig of veertig mense wat 'n uur gelede sou gesterf het, as Jesus sou gekom het, sou verlore gegaan het; het net nou die Ewige Lewe, omdat hulle die Here Jesus geglo en aanvaar het.

147 Sodra die genesingsdiens verby is, wil ek hê julle moet agter in die kamer inkom en 'n woord van gebed tot God hê. Kniel, sê: "Here, ek's so dankbaar dat U my daarbuite gered het. Van vanaand af, gaan ek U dienaar wees." Sal julle dit nou vir my doen, aan die einde van die diens?

Terwyl ons bid:

148 Vader, dankie vir elkeen wat gekom en geglo het op die basis van die gestorte Bloed van die Here Jesus, op die Getuienis van die Heilige Gees, en die Ewige Woord van God wat hier voor ons lê wat dit vir ons vertel. Ek verklaar nou elkeen van hulle U kinders in Jesus' Naam. En Vader, hulle wil U hieragter ontmoet

en ’n rukkie met U praat. O, U deel net die Geskenk uit en hulle ontvang Dit. Hulle wil U Daarvoor kom bedank.

149 En dan Vader, mag hulle lewe, Godvresende Christene, tot die dood hulle uit hierdie wêreld uitneem na die Teenwoordigheid van die Skepper, Wat vanaand met hulle hart gepraat het. In die ure van hulle sterfte iewers langs die paaie van die lewe, sal hulle vanaand onthou dat hulle hulle hand opgesteek het, die dapperste ding wat hulle nog ooit gedoen het, en Jesus aanvaar het as persoonlike Verlosser. Ons dank U in Jesus’ Naam. Amen.

150 Goeiste, voel hierdie nie goed na ’n altaar-oproep nie? Weet julle wat? Dit laat my net soos ’n ander mens voel. Gisteraand, kon ek nie slaap tot vroeg in die môre nie, om daardie Indiane, witmense, Mexikane te sien, wat hier rondom staan, ou mense en jong vroue en jong mans, trane wat teen hulle wange afrol: “Ek glo nou.”

151 Ek het gedink: “Here, daardie Dag, wanneer ek eenkant daaragter staan, wanneer ek hulle sien oploop, sal ek hulle ken. Laat my net weet wie hulle is en die aand wat hulle gered is hieronder, deur die gehoor van die Woord”; net so eenvoudig.

152 Sien, God moet Sy Woord hou. Sien? Partymaal verstrengel ons teologie ons ’n bietjie, maar God moet Sy Woord hou. “Hy wat glo, sal nie veroordeel word nie, het die Ewige Lewe.” Is dit reg? Dis wat die Skrif sê. Nou, hier is ’n paar sakdoeke wat na die siekes toe gaan. Kom ons bid, nou, vir hulle.

153 Dierbare Here, neem hierdie onwaardige hande, en as ’n herdenking van die Bybel, van toe U met die Jode gedeel het, wat ons geestelike Jode is, deur dood te wees in Christus, en Abraham se Saad aanneem, geloof in God het, en nou, lê ek myself oor hierdie sakdoeke, met al die geloof waarmee ek kan bid, om U te vra om elkeen te genees, al die mense, U ken hulle. Mag elkeen afsonderlik, uitgegee word waar sy bestemming bepaal moet word. En mag elkeen genees word. Ons vra dit in Jesus’ Naam. Amen.

154 Nou, sal ons vir die siekes bid. Voel julle baie goed? Sê: “Amen,” as jy goed voel.

155 Nou, ek’s net ’n bietjie laat, is gewoonlik laat. Maar ons, sien, ons sal nou nie saam wees behalwe vir nog net ’n paar aande nie. Dan moet ons verder reis. O, hoe ek haat om ’n kerk te verlaat. Hierdie was een van die wonderlikste dienste. Ek bedoel dit. O, dis klein. Ek hou my dienste klein sodat ek nie hoef te bedel vir geld en dinge nie, hou dit net in ’n klein geboutjie sodat ons bymekaar kan kom en gemeenskap hou rondom die Woord. En ek—ek weet julle het julle geld baie nodig, so ons het nie baie nodig nie, net, ek wens ek hoef glad nie enige te neem nie, net om die uitgawes te betaal, dis al. So ons—ons is bly vir hierdie gemeenskap.

156 Ek het julle lief, dis uit die diepte van my hart. Ek het julle lief met die warmste Christenliefde waarmee enigiemand kan liefhê. Sover ek my hart ken, het ek my broers, die mensdom, lief. Selfs as jy my vyand is, ek sê dit uit my hart uit, julle verstaan net verkeerd, dis al. Ek het jou in elk geval lief, broer. Ek het jou in elk geval lief. Jy mag van my verskil so ver as wat die ooste van die weste is. Dis jou Amerikaanse voorreg, maar steeds, in my hart, God weet of ek die waarheid vertel, of nie, oor hierdie heilige lessenaar. Ek het jou steeds lief. Ek kan dit nie help nie. Daar's Iets in my wat vir my sê jy is my broer. Ons glo nie dieselfde nie, maar ons is steeds broers. Uh-huh.

157 Jy mag gevalle wees, maar ek het jou in elk geval steeds lief. Jy mag 'n dranksmokkelaar wees; jy mag 'n prostituut wees. Ek het jou in elk geval lief. Dis reg. Daar's Iets *hier*binne . . . Nou ek, self, *hier*bo, ek sou nie. Maar daar's Iets *hier*binne wat jou liefhet. En ek kan dit nie help nie. Ek sien nie nou enigiets verkeerd nie; ek wil net hê jy moet kom, regkom.

158 Nou, jy sê jy het hoeveel gegee? P, P? Goed, kom ons laat 'n paar van hulle dan in 'n ry staan. Kom ons begin, vanaand met . . . wel, kom ons begin net by nommer een, gebedskaartjie . . . Het jy D, of P gesê? P. Gebed—gebedskaartjie P, agterop dit: L, M, O, P—P, agterop dit, begin dan . . . Wie het nommer een? Is dit—dit . . . Was dit van een tot 'n honderd? Het jy nommer een? Goed, nommer twee, nommer drie. Drie? Nou, kyk rond wanneer ek roep, mag iemand wees wat doof is en nie kan kom nie, julle sien. Drie? Sal jy jou hand opsteek? Vier? Nommer vier, sal jy jou hand opsteek? Gebedskaartjie P, nommer vier.

159 Kyk, dit kan dalk 'n Indiaan wees wat nie eers kan lees nie. Dit kan dalk 'n Mexikaan wees wat nie kan lees nie. Kyk na hulle gebedskaartjies. Nommer vier. Vier, goed, meneer. Vyf? Wie het gebedskaartjie nommer vyf? P, nommer vyf? Is dit die dame daaragter? Verskoon my, suster, ek het jou nie gesien nie. Ses? Ses? Wie het gebedskaartjie nommer ses? Goed, ses. Sewe? Goed. Agt? Gebedskaartjie nommer agt?

160 Steek vinnig jou hand op, as jy sal, net vir die tyd se onthalwe. P, nommer agt? Is dit hier? Kyk rond, as dit is, sit dit in die ry. Nege? Gebedskaartjie nege? Goed. Tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien?

161 Nou, ek gee nie om hoeveel sal opstaan nie, dis net . . . dit mag dalk net by 'n punt kom waar jy net sal hê . . . jy so lank sal moet staan, en ek nie by veel uitkom nie. Goed, kom ons probeer dit net vir 'n oomblik, lyk asof daar nogal 'n . . . omtrent almal daarop gereageer het.

162 En kom ons—kom ons bid nou net 'n oomblik. En ek gaan vir julle vra, as julle sal, om net so eerbiedig te wees as wat julle kan, vir 'n paar oomblikke.

163 Ons Hemelse Vader, in U Goddelike Teenwoordigheid bring ons hierdie mense. Nie net hierdie in die gebedsry, of hierdie met gebedskaartjies nie, ons bring die hele skare, vanaand, na U toe. Kom Vader, bedien hulle met die opstandingskrag van die Seun van God. Mag elke hart hierbinne hulleself oorgee aan 'n geloof van God.

164 En mag U nederige dienskneg hier, onwaardig om hier te staan, maar mag die Heilige Gees my so beetkry, dat ek gebruik sal word tot U eer. In die krag van die opstanding van die Seun van God, net hierdie sterfling, sondig, onwaardig; maar, Vader, as U op soek was na heilige mense vanaand, sonder Christus, waar sou U hulle vind? Hulle is nie hier nie. Maar elkeen in Christus is 'n pasgebore baba.

165 En ons is so bly dat U 'n weg gemaak het dat ons met ons medemens, en ons broers, kan saamwerk. Ons ongeregtiges, deur die gestorte Bloed van die Here Jesus, kom nou, om ons geloof aan U te gee vir die genesing van die siekes. Want ons vra dit in Jesus' Naam, en volgens die versoening, dat: "Deur Sy wonde daar vir ons genesing gekom het." Amen.

166 Nou, hoeveel, enige plek in die gebou, maak nie saak waar jy is nie, sê jy deur jou hand op te steek: "Broer Branham, ek het nie 'n gebedskaartjie nie."

167 Nou, onthou, een of ander aand, êrens, een of ander tyd, gaan ons vir elke persoon bid wat 'n gebedskaartjie ontvang. Maak nie saak of dit 'n maand neem om dit te doen nie, ons gaan vir elke persoon bid met 'n gebedskaartjie, sien. Hou jy jou gebedskaartjie. As jy nie een aand geroep word nie, sal jy wel weer een of ander tyd. Ons sal toesien dat elke gebedskaartjie geroep word, voor gebid word, hande opgelê word, elke persoon.

168 So nou, jy weet nie watter aand jou. . . Elke dag gee hulle nuwes uit, want daar kom nuwe mense in. En ons roep net uit, en neem 'n paar hier en laat hulle in die ry staan. Nou, sover ek weet, is daar nie 'n persoon in daardie ry wat ek ken, of hulle ooit gesien het nie. Daar's Indiane, Mexikane, witmense, almal deurmekaar. Dis hoe dit in die Heerlikheid gaan wees, nie waar nie? Ek ken nie enige van hulle nie, kan dalk nie eers hulle taal praat nie, maar het julle geweet dat God elkeen van hulle ken?

169 Nou, ek het die Woord gepreek; hulle het dit gehoor. Nou, wag die gehoor om iets anders te sien. Het die fenomenale, van die opstanding, positiewe krag van Christus teruggekeer na die kerk? Jesus het gesê: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook." Is dit reg? Hy het nie aanspraak gemaak om enigiemand te genees nie; Hy het aanspraak gemaak dat God vir Hom 'n visioen van verkillende dinge gewys het. En wat God vir Hom gewys het om te doen, dis die enigste ding wat Hy gedoen het. Hoeveel weet dit, in hierdie kerk, dat dit die Evangeliewaarheid is, dat Jesus gesê het dat Hy niks in Homself kon doen nie? Net presies die

enigste ding wat Hy kon doen, was wanneer God, die Vader, vir Hom gewys het wat om te doen; en Hy het gesê God was in Hom.

170 Glo julle dat God vanaand in hierdie kerk is? Wel, Hy's nie in die sfere *hier* nie; Hy's in die mense. Is dit reg? So dan, as God *hier*binne is, kan Hy vir ons doen net soos Hy vir Jesus gedoen het, want Jesus het gesê: "Dieselfde dinge wat Ek doen, sal julle ook doen, al die pad tot die einde van die eeu." Is dit reg?

'n Vrou het Sy kleed aangeraak, Hy het uitgekyk oor die gehoor; Hy het gesê: "Jou geloof het jou genees van daardie bloedvloeiing."

171 'n Blinde man het agter Hom aangeroep, en toe sy geloof Hom aangeraak het, en Jesus omgedraai, gesê: "Jou geloof het jou genees." Sien? Baie sulke dinge. Hy het eendag 'n man se oë aangeraak, twee van hulle, gesê: "Nou, volgens julle geloof, sal dit vir julle wees."

172 Maar die Vader het vir Hom 'n paar dinge gewys om te doen; Hy het dit gaan doen. Het oral verby siekes en beproefdes gegaan, en hierdie persoon gevind waarvan die Vader Hom vertel het, soontoe gegaan en vir hom gesê: "Staan op; neem jou bed op, en gaan in jou huis in," weggeloop en die res van hulle agtergelaat.

Hulle het gesê: "Hoekom?"

173 Gesê: "Ek doen net wat die Vader vir My wys om te doen." En as Hy vandag dieselfde is, as hier: Hy het op die platvorms van die wêreld gestaan op daardie tyd, in die verskillende gehore, en hulle gedagtes onderskei in die gehoor. Is dit reg? "Selfde gister, vandag, en tot in ewigheid . . . "

174 Nou, wil ek julle vra, hoeveel hier sonder 'n gebedskaartjie, wat sê: "Broer Branham, vanaand, met God se hulp, gaan ek myself oorgee aan die Heilige Gees, en ek gaan bid dat God jou sal omdraai na my, en my sal laat weet of ek gaan gesond word, of iets van my wat net my geloof sal beweeg. Ek sal glo."

175 Sal julle dit doen? Oral, nou sonder gebedskaartjies, kyk net, jy kan skaars sê; dis net oral. Goed, kyk hiernatoe en lewe. Waarom ek sê: "sonder gebedskaartjies," diegene met gebedskaartjies gaan hier opkom. Diegene sonder gebedskaartjies mag dalk nie, en dit mag julle laaste keer wees.

176 Party van julle wat daar sit, groot en gesond, lyk so; mag 'n hart hê wat daar klop wat binne die volgende vyftien, twintig minute gaan stop. Iets moet gedoen word.

177 Hier sit 'n arme vrou, wat hier sit, in 'n rolstoel. Ek het haar twee aande gesien, ek weet presies wat verkeerd is met haar; ek weet wat dit veroorsaak het. Ek het haar 'n aand of twee gelede gesien wat ek seker was (met die Engel van die Here wat net daar staan) dat die geloof sou kom. Ek het begin roep, en ek het Dit gesien oorgaan na 'n ander dame toe. Sien? Ek glo sy's naby aan die tyd. Dis reg. Jy kyk na haar, en jy voel jammer, sê: "Dis 'n

vrou . . . ” Maar onthou, daardie vrou kan vir nog vyftig jaar lewe net soos daardie, maar miskien sal daardie, groot, gesonde man wat daar oorkant sit, met ’n hartprobleem, nie die res, van die aand oorleef nie. God weet alle dinge, weet Hy nie? Hy weet alle dinge. Hy weet wat gedoen moet word.

178 Goed, oukei. Hier, hier is sy. Verskoon my, ek het dit nie bedoel nie, suster. Ek het gedink dat . . . Goed, nou, hierdie dame hier moet die eerste begin. Nou, ek gaan julle vra of julle vir my iets sal doen. Nou, as die ingenieurs daar, hierdie mikrofoon sal dophou . . . Hulle sê vir my ek praat nie hard genoeg wanneer die salwing afkom nie. Ek—ek weet nie eers waar ek is, helfte van die tyd nie. Sien? Dis waarom; ek’s in ’n ander wêreld.

179 So nou, as julle net baie eerbiedig sal wees, en die . . . sien vir Broer Brown *hier* staan, Broer Moore *hier*; hulle hou elke minuut dop. Dis waarvoor hulle daar staan. Hulle weet net presies wanneer iets met my gebeur dat hulle my moet wegneem. Dan wanneer hulle my wegneem, kom die ander prediker reguit na die platvorm toe, gaan reguit in die Gees in, begin die altaar-oproep maak, sien, of doen net wat hy ook al gelei voel om te doen.

180 Ek probeer; wanneer ek hulle my in die sy voel slaan, weet ek ek is veronderstel om ’n gebed van toewyding te bid, en dis omtrent al wat ek onthou tot die volgende dag, as hulle my daarvan vertel. Nou, mag Hy nou Sy seëninge byvoeg, in Jesus’ Naam.

181 Nou, tot die eer van God, en vir die saak van die opstanding van die Here Jesus Christus, neem ek elke gees hierbinne onder my beheer, in die Naam van die Here Jesus. Dit is, opstandige goed, julle sien, waarvoor ek dit gebruik.

182 Nou, die dame hier, ek wil met jou praat, dame. Kan julle my goed hoor? Hierdie is my stem wat oor hierdie hier is. Nou, ek veronderstel dat ons vreemdelinge vir mekaar is . . . God ken altwee van ons, egter, ken Hy nie? Hy ken ons altwee. Hy ken . . . Nou, jy weet, dame, net so goed soos enigeen, dat ek geen manier het om te weet wat jy wil hê, net as ’n man nie. Dit sou totaal onmoontlik wees vir my om dit te weet. Van ons, vreemdelinge, en pas net hier ontmoet het, hoe op aarde sou ek weet wat jy wou hê? Maar Jesus Christus het jou geken voor jy gebore is; Hy het my geken voor ek gebore is.

183 Jy is ’n Christengelowige; ek onderskei dit, omdat jou gees welkom voel. Terwyl jy bewus is dat iets nou plaasvind. Ek wil hê die gehoor moet die vrou dophou; hou haar net dop. Sy . . . Hou enige pasiënt dop wat hiernatoe kom. Wanneer die Engel naby aan hulle beweeg, kyk wat, hoe hulle lyk. Hulle sal wit raak om die mond, en iets sal met hulle gebeur. Sien? Hulle staan in Sy Teenwoordigheid.

184 Tussen my en die vrou net nou, weet ek, net asof iemand reg *hier* inbeweeg het. Ek sien dit nog nie. Ek weet niks nie, maar dit sal deurbreek, en Iets sal vir haar vertel. Ek weet nie waarvoor sy hier is nie. Dit mag wees dat sy—sy gesondig het. Dit mag wees dat sy siek is. Dit mag wees dat sy huislike probleme het. Ek—ek weet nie wat sy wil hê nie, maar God weet. So Hy sou dit moes doen, en deur dit te doen, sal jy—sal jy tog glo dat dit van 'n bonatuurlike bron af moes kom?

185 Sal die gehoor dieselfde ding glo? Moet kom. . . Dan as Jesus nou opgestaan het uit die dood, is dit die bonatuurlike; dis 'n wonderwerk. Is dit? Dit kan nie verduidelik word nie; dis 'n wonderwerk. Dan, sien nou, is dit nou nie nogal iets nie? Jy het hier gekom na die ke-. . . in die wete dat Hy vir my gesê het: "Ek sal met jou wees," en ek glo dit. Ek glo Hom met my hele hart.

186 En nou, natuurlik nou, ons sien jy dra bril. Natuurlik, weet ons dat daar iets verkeerd is met jou oë, of jy sou nie bril gedra het nie. Maar nou, miskien is daar iets anders; wat ek nie kon sê nie; maar die Here Jesus weet. Nou, net terwyl ons na mekaar kyk, die Heilige Gees wat tussen ons beweeg. En, nee, dit word baie Lig rondom jou. Jy's nie hier vir genesing nie, want jy is so pas genees. [Die suster sê: "Dis reg, Sondagaand."—Red.] Jy is hier genees; Sondagaand, was dit? Nou, hoe sou ek weet jy is Sondagaand genees? Iets moes dit vir my gesê het. Is dit reg?

187 Nou, glo jy met jou hele hart? Met jou hele hart. Ek sien iemand anders. Dis 'n man wat nou langs jou staan, en dis jou man, en hy het artritis. Dis reg. En daar's twee. . . jy's. . . Daar's iets anders. Is jou. . . Dis twee kinders; dis kleinkinders. En dis TB. En jy het gekom om vir hulle te laat bid. Dis SO SPREEK DIE HERE. Dis waar, is dit nie? Absoluut, dis die Naam van die Here. Glo jy jy sal kry waarvoor jy gevra het? Kom hier.

Almagtige God, Skepper van hemel en aarde, ek seën hierdie, my suster, in die Naam van Jesus Christus, dat sy die begeerte van haar hart kry. Amen.

Moenie vrees nie, suster, jy sal kry waarvoor jy gevra het.

188 Goed, wees net baie eerbiedig. Glo julle nou, elkeen van julle? Nou, vriende, dis hoe die diens moet wees. Nou behoort almal net nou net hulle genesing te aanvaar. Glo net in die Here; dit handel dit af. Sien julle?

189 Moses, hy het 'n teken gehad om te doen, en hy het net presies gedoen wat God vir hom gesê het. Die oudstes het daarna gekyk, hulle het hom gevolg, net presies gedoen wat hy gesê het.

190 O, goeiste, geseënd sy die Here. O, ek's so dankbaar vir Hom. Goed, is hierdie, hierdie. . . jy die dame, die pasiënt? Goed, suster, kyk nou hiernatoe en glo met jou hele hart. Nou, as daar enigiets was wat ek kon doen om jou te genees, of as jy enigiets van die Here wou hê, wil jy—jy dit van Hom hê, nie van my nie. Sien? Want as daar enigiets is wat ek kon doen, as 'n man, sou ek dit

doen as ek kon, daar enigiets was om jou te help. Maar ek's so beperk met dinge, hulle is . . . Ja, ek mag dalk in staat wees om 'n bietjie geld of so-iets bymekaar te skraap, maar dis omtrent al wat ek sou kon doen. As jy iewers heen wou gaan, mag ek in staat kon wees om 'n huurmotor te huur om jou te neem, of iets. Maar nou, as dit vir enigiets buite my bereik is, is die enigste ding wat ek kan doen, om te bid vir jou, maar dis God wat dit vir jou moet gee.

191 Maar Hy is hier. En volgens my lering van die Bybel, dat Hy jou alreeds gegee het wat jy wil hê, maar jy moet net genoeg geloof hê om dit te ontvang. So dan deur 'n Goddelike gawe, jou miskien te sê wat jy wil hê, laat dit jou weet dat jy in Sy Teenwoordigheid is, en dan sal jy ontvang wat jy wil hê. Glo jy dit? As Hy vir my sal laat weet presies waarvoor jy hier is, net die een ding waarvoor jy hier is, sal jy dit net dan aanvaar? Sê: "Ek glo dit," want jy weet dit was . . . Jy sal, met elke deeltjie van jou hart.

192 Dame, jy's in verskriklike pyn; jy ly. En ek sien jou by 'n dokter, en die dokter skud sy kop. Jy's opgegee deur 'n dokter vir iets; dis kanker. Um-hum. Ek sien dit geskryf op jou—jou strokie: Kanker. En hy kan niks meer daaraan doen nie. En dan is jy—is jy—is jy bekommerd oor 'n—'n kind. En daardie kind . . . ek sien 'n Lig; lyk soos, 'n tyd gelede, het die kind leukemie gehad en is genees. En—en dit het . . . dis nou bloedarmoedig, en jy wil gebed daarvoor hê. Kom hier.

193 Almagtige God, vir Wie ons liefhet en vertrou, gee seëninge vir hierdie vrou tot die eer van God, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, vra ek dit. Amen.

194 Nou, kyk 'n oomblik hier, suster. Glo jy nou dat jy kry waarvoor jy vra? ['n Vrou praat met Broer Branham—Red.] Mevrou? 'n Verpleegster by die hospitaal? Distrikshospitaal? En jy was die verpleegster? Wel, God seën jou. Wat het jy gehad? TB van die keel. En God het jou genees? Hoe lank gelede was dit gewees, dame? My eerste diens hier. O, ja. Twee-en-'n-half weke, en Broer Outlaw het my soontoe gevat, dis, ek onthou nou, gekom . . . God seën jou. Dis reg, en hier is jy nou. Wat ook al verkeerd was, weet ek nie nou nie, maar jy sal in elk geval gesond word. Dis jou geloof.

195 Hier's nog iets wat jy mag weet terwyl jy daar staan. Jou man het ook genesing nodig, het hy nie? Hy het 'n gewas op die brein. Halleluja! God seën jou. Amen. Mag God jou seën, gaan nou terug en ju- . . .

Kom ons sê: "Prys die Here." [Gehoor sê: "Prys die Here."—Red.]

196 Glo julle? Hoe kan julle nie glo nie? "Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid"; onfeilbare genade, faal nooit nie. Nou, wees eerbiedig, oral.

197 Aangename kennis? Vir die kind. Nou, kyk net 'n oomblik hiernatoe, en glo met jou hele hart, glo dat God gaan genees, of wat dit ook al is wat gedoen moet word. Glo jy met jou hele hart? Goed. Ons is vreemdelinge vir mekaar; ek ken jou nie. God seën jou, moeder.

198 Jy het pas 'n reis iewers heen onderneem. Jy het van 'n plek afgekom. O jy was baie ple- . . . O, dis hierdie kind wat hier staan; die kind het iets verkeerd in sy keel. En die—die dokter het—het probeer . . . Jy was in Dallas, Texas, met daardie kind. Ek sien jy verlaat 'n stad genaamd Dallas. En die dokter wil die kind opereer, en jy's bang vir die operasie, want jy het so pas 'n seun verloor, en 'n operasie het die seun doodgemaak. En daar is op die seun se brein geopereer, 'n breinoperasie vir 'n gewas, en het die seun doodgemaak. En jy's bang om, vir die kind. (Hierdie is 'n nuwe pasiënt.) Kom net 'n oomblik hier.

199 Hemelse Vader, geseënd sy die Naam van die Here Jesus. Ek seën hulle in Jesus' Naam, dat alles waarvoor hulle vanaand vra, vir hulle gegee sal word: Genesing van die liggaam, wat hulle ook al nodig het, ek lê my onwaardige hande in die Naam van Jesus Christus, as Sy dienskneg, wat ons opdrag gegee het om in die hele wêreld in te gaan: "Hande te lê op die siekes, en hulle sal gesond word." Ek doen dit in Jesus Christus' Naam, as 'n gelowige. Amen.

Moenie vrees nie, suster. Gaan, God gaan saam met jou.

Dis wat jou seermaak. Sien? ['n Broer vra: "Wil jy water hê om te drink?"—Red.] Ja, dis alles reg, dis alles reg.

Hierdie is die man? Aangename kennis, meneer? Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek.

200 Was daardie kind pas by die gebedsry, net daar? O, ek sien. Goed, ek sien 'n Lig wat bo die kind hang. Sonder twyfel wat verkeerd was daarmee, dat God dit gaan laat gesond word nie. Dit hang nogsteeds daar, die . . . vir die kind.

201 Ons is vreemdelinge vir mekaar, broer. Ek ken jou nie; ek reken ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar God ken ons albei. Jy glo my egter, as Sy dienskneg, nie waar nie, broer? Ek . . . Met jou hele hart, dan kan ek jou help om geloof te kry in die Here Jesus. Een ding, tussen jou en my, sien ek, soos die visioen breek, beweeg 'n bloed. Dis 'n bloedtoestand wat jy het; dis 'n suikersiekte. En jy—jy was so pas in 'n hospitaal gewees en is geopereer. Omtrent verlede jaar, en hulle het die bene gehad, die bene opbeweeg, hulle het geopereer. Dis 'n prostaattoestand, en dit was onsuksesvol; dit pla jou steeds. Daardie dinge is waar. Maar Jesus Christus is hier om jou gesond te maak. Glo jy dit, broer? Kom hier.

202 Vader God, in die Naam van Jesus Christus, bid ek vir my broer, dat U hom sal genees, en mag hy van hier af gaan vanaand, 'n gesonde man wees, terwyl ek hom teen my liggaam vashou,

as 'n kontakpunt, dat die Heilige Gees nou hier is, Wie vir hom kan vertel, openbaar. Laat die Engel van die Here hom nou net aanraak, deur die verdienste van Jesus Christus, deur Sy Naam. Amen.

God seën jou, my broer. Gaan, wees bly. Iets het met jou gebeur; jy weet dit is, so jy . . . Amen. Moenie twyfel nie, hê nou geloof.

203 Aangename kennis, dame. (Hierdie die volgende dame?) Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek? Jy het my al voorheen gesien. Maar ek bedoel, ek ken jou nie, sover ek weet nie. Glo jy die Here Jesus met jou hele hart? Glo jy dat ek Sy dienskneg is?

204 Dame, wat op die trappe staan met die donkerbril op, gekleurde dame, glo jy dat ek Sy dienskneg is? Wil jy jou genesing aanvaar waar jy staan? Jou geloof . . . Iets het op jou begin beweeg net toe ek met die dame gepraat het. As dit reg is, wuif jou hand? Dis die Heilige Gees; die Engel hang bokant jou. Jy ly; jy's blind in een oog. En jy het ook 'n gewas wat jou lewe probeer neem. Gaan terug na jou sitplek en ontvang jou genesing in die Naam van die Here Jesus.

205 Glo jy, met jou hele hart? Jy het 'n senuweeprobleem. En jy het 'n dermprobleem. Jy het 'n man wat 'n Binnelandse Inkomste man is. Dis reg. En hy's iewers in hierdie gebou. Hy het 'n plekaanwyser; hy's 'n plekaanwyser in hierdie gebou. Naam is Della. En jy woon in—in 728 Montebello Oos, so-iets, ek sien dit aan 'n—aan 'n kant . . . Is dit nie so nie? Gaan terug, en jy kry waarvoor jy gevra het. Jou geloof het jou genees.

206 Wat as ek vir jou sê, jy is genees terwyl jy daar gesit het, sou jy dit glo, suster, met jou hele hart? Kom dan hier. Dierbare, Hemelse Vader, beweeg met barmhartigheid. Gee nou vir hierdie vrou, dat dit nooit weer so sal wees nie, deur Jesus' Naam. Amen. Hê geloof, glo.

207 Daar is Dit. Gehoor, kan—kan julle Dit nie sien hang bokant daardie man nie? Hier is . . . hy—hy's soort van 'n ou man. Ek sien hom ly; dis 'n—dis 'n prostaattoestand. Die man het dun hare, dra bril. Hier sit die man, net daar. Dis jy. Ja, meneer. Jy het 'n prostaattoestand. God seën jou. Jy het gebid, het jy nie, meneer? Dis hoekom jy genees is.

208 Sê, broer, jy was so gaaf om dit te doen; daardie man wat net 'n rukkie gelede die Here Jesus aanvaar het, wat daar reg langs jou sit, hy het maagprobleme, daardie Mexikaanse broer; hy wil genees word. Sal jy jou hande oorkant op hom lê? Dis reg, meneer.

209 Die dametjie wat langs jou sit het ook maagprobleme. Dis reg, dis reg, dame. God seën jou. Julle is albei genees. God seën julle. Julle kan huis toe gaan, gesond gemaak word.

210 Daar's 'n Indiaanse vrou wat langs haar sit. Verstaan jy Engels, Indiaanse dame? Jy het probleme in jou sy, het jy nie? Jy's genees. Jesus Christus maak jou gesond. Halleluja! Glo met jou hele hart.

211 Epilepsie, langs dit. Hier, daardie gees beweeg *hier*natoe. Hierdie kindjie wat *hier* oorkant sit het ook epilepsie, wat *daar* reg agter sit. Hê geloof in God; glo met jou hele hart. Halleluja!

212 Glo nou; moenie twyfel nie. Dame wat oor 'n man se skouers loer daar, rooi-kop, ja. Jy bid, suster. Jy het gedink: "As ek kon omgaan en daardie man in die gesig kon kyk, sal hy my roep." Is dit nie waarvoor jy gebid het nie? Is dit wat jy in jou hart gesê het? Steek jou hand op as dit die waarheid is. Staan nou op jou voete. Jy het asma gehad. Dit reg? Jy het daar omgeloer, en in jou hart gesê: "As daardie man na my sal kyk, sal ek genees word." Is dit reg? As dit reg is, wuif jou hand. Dis reg. Nou, jy kry waarvoor jy gevra het. Halleluja!

213 Glo jy daardie maagprobleem het jou verlaat, meneer? Gaan eet jou aandete. Glo julle? Julle kan net nou genees word. Staan op julle voete, elkeen van julle.

Almagtige God, in die Naam van U Seun, die Here Jesus, bestraf ek elke siekte en ongesteldheid.

Water uit die rots AFR55-0224
(Water From The Rock)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 24 Februarie 1955, by die Shriner Tempel in Phoenix, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org